# Die Matie


TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Pectora roborant cultus recti

Jaargang XXXVIII Nr. 2 DONDERDAG, 11 MAART 1982


CARNEGIE - BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
25 MAR 1982
CARNEGIE LIBRARY
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH



# PERS-SEKSSASIE!



Behoort prims ook dié "voorreg" te hê?

# *Prims wil pakgee*

PORT ELIZABETH – "Ek voel baie sterk daaroor dat die HK wel lyfstraf mag toedien", het Frik Nolte, primarius van Dromedaris gesê.

Die hele kwessie van tugbevoegdhede is op 'n leierskamp by die Universiteit van Port Elizabeth bespreek. Volgens Frik Nolte moet baie streng kontrole oor lyfstraf uitgeoefen word. Skuldiges moet verhoor word, formeel skuldig bevind word en slegs 'n maksimum van 9 houe mag met 'n tekkie toegedien word.

Prof. Van der Merwe van die Universiteit se Regsfakulteit het gesê dat lyfstraf deur die gemeenskap as aanranding beskou word. Die HK's sal dit so moet aanvaar, het hy gesê.

Frik Nolte het gesê dat boetes niemand afskrik nie. Volgens hom is die enigste alternatief vir lyfstraf geweldige hoë boetes. Hy en Stephan Grobler het albei ook gesê dat hulle ten gunste is van 'n strafpuntestelsel wat gesamentlik met al die koshuise opgestel moet word.

## *Paswet vir Kovsies beplan*

BLOEMFONTEIN – Mnr. H.P. Johnson, die registrateur, het daarop gewys dat die dra van 'n identiteitskaart binnekort verpligtend sal word. Dit is reeds van toepassing op die personeel, maar vanaf 1 Maart sal dit ook geld vir alle studente. Die identiteitskaart gaan ook by die biblioteek van krag gemaak word, deurdat 'n strepieskode agter op die kaart aangebring gaan word.

## Polstu-Pretoria protesteer teen aanhouding

PRETORIA – Die Polstu- tak van die Universiteit van Pretoria het in 'n ope brief aan die Eerste Minister beswaar gemaak teen die praktyk van aanhouding sonder verhoor.

Hulle het ook hul kommer uitgespreek oor die dood in aanhouding van Dr. Neil Aggett.

Die ope brief lui soos volg: "Ons wil ons besorgdheid uitspreek oor die dood in aanhouding van Dr. Neil Aggett en ook ons kommer oor die welsyn van die MENSE wat tans aangehou word sonder dat hulle verhoor word. Ons wil protes aanteken teen die hele stelsel van aanhouding sonder verhoor en wil graag die aandag vestig op die historiese gevare wat ontstaan met die kombinasie van die uitvoerende en geregtelike funksies van regering."

Polstu Suid-Afrika beplan vanjaar 'n kongres op Stellenbosch, 'n studietoer na SWA/Namibië asook Wildernis-leierskapsprojekte en verskeie studieprojekte.

AS JY 'N STUDIE-LENING SOEK



KOM GESELS EERS MET VOLKSKAS.

Volkskas staan studentelenings toe aan voltydse studente.

'n Volkskas-studentelening is die beste wat daar is – gunstige voorwaardes, die billikste rentekoerse en realistiese bedrae.

Kom gesels gerus met jou naaste Volkskastak.

Volkskas (Geregistreerde Handelsbank)
BANK SUID-AFRIKAANS.

KMP 8415/a

## *IKEY — DOSENT:*

# "Eensame aanhouding is 'n marteling"

KAAPSTAD – "Solitary confinement is the torture of the mind that no civilised society should allow", het mnr. Dennis Davis, lektor aan die Regsfakulteit van die Universiteit van Kaapstad, gesê.

Hy het studente tydens 'n middaguur-vergadering toegespreek. Die onderwerp was aanhouding sonder verhoor.

Volgens mnr. Davis is die getuienis van 'n persoon wat vir 380 dae in eensame aanhouding was, nie betroubaar nie. Die afgesonderdheid en gedurige ondervraging stroop 'n mens van sy eiewaarde en trots.


Hy het verwys na mnr. Thomazile Gqweta wat ingevolge artikel 6 van die Wet op Terrorisme aangehou word. Mnr. Gqweta is twee weke gelede deur sy broer in die hospitaal besoek en as geestelik en fisies afgetakel beskryf. Toe sy broer hom gevra het of hy aangerand is, het hy ontkennend geantwoord.

Mnr. Davis het gesê die Staat gebruik die illusie van 'n totale aanslag om veiligheidswetgewing te regverdig. Hy het verwys na die konserwatiewe regerings in Brittanje en die VSA en ook gevra of 1 600 ANC guerrilla-vegters beskou kan word as 'n totale aanslag in 'n land met 'n besondere sterk weermag.

Die doel van die totale aanslag-strategie is om die Staat se optrede teen mense wat hulle beywer vir 'n demokratiese samelewing te regverdig. As 'n mens teen aanhouding sonder verhoor protesteer, dan protesteer jy teen 'n sosiale stelsel wat dié wetgewing nodig het om te bestaan, het mnr. Davis gesê.

Die debat is afgevuur deur die onlangse dood van dr. Neil Aggett, wat dood in sy sel aangetref is.

Volgens die polisie het hy homself opgehang.




Die dood van dr. Neil Aggett het 'n hewige debat ontketen oor aanhouding sonder verhoor. Dié plakkaat van hom is versprei.





Akkerjolverkope in Kaapstad.



Tussen al die ander Karnavalbedrywighede verskyn Mej. Matieland 1982, Louise Coetzee, op die foto hierbo saam met al die finaliste. Louise se hare word vir die res van die jaar gratis versorg deur Siegfried van Stellenbosch.




Voorblad van 'n sensasionele tydskrif.



Fietstrap by die Kermis.




Koek-eet-kompetisie, met 'n bottel vrugtesout as prys.


# SENSASIE DEUR DIE LENS



"Kan dit regtig dryf?"




'n Tropiese paradys op die Braak. . . .



Militêre Akademie sukkel met 'n ooievaar!



Drink 'n dop op Karnaval.



Louisa van der Westhuizen



"Conserve water — drink wine".



Gesig van 'n wenner.




Daar's 'n lelike ding besig om hier kop uit te steek. . . .




Their 50% rent increase is cause enough to give the thumbs-down sign, say residents of the Spookhuis.

# Exorbitant rental price hikes hit private students hard

STUDENTS living private have been hit by unusually sharp increases in accommodation costs. Many of these price hikes appear to have been arbitrary and even illegal.

Various disputes have arisen because of this. At the Priory, for example, newcomers found themselves paying close to 100% more than they would have in 1981.

David Maxwell, who was primarius of the Priory last year, protested against this by refusing to sign a contract with the new owners. This resulted in his expulsion. He feels that the management has broken the law on various counts and intends to take the matter to court.

A similar dispute arose in the Spookhuis earlier this year. Here the rent-increases were in the region of 50%. Coupled with this there was a decrease in facilities (like a common room).

The owner of the Spookhuis, Mike van der Nest, attributes the higher costs to rises in interest rates. He is a law student at Stellenbosch who decided to buy the house last year.

He denies that lodgers were in effect buying the house for him. Such an allegation would be "emotional", he said.

Two of the occupants, Barry Stein and André Oberholzer, refused to accept the higher fees. They took the matter to the Rent Board, where it is being considered.

The two 'dissidents' nearly lost their rooms because of the dispute, but the owner did not have the right to expell them under such circumstances.

*Die Matie* will continue investigating this accommodation problem.

## Housing shortage shocks

THERE is undoubtedly a shortage of accomodation for students. According to an estate agent, who has been operating in Stellenbosch for nearly thirty years, some students have to be satisfied with places "not fit for a horse".

Others simply cannot find accomodation. A pertinent example of this is that of the first-team hockey player Len Lubbe, who has to commute from Cape Town to attend lectures. If he does not find a place soon he may have to leave university.

Various people questioned expressed wonder at the apparent lack of concern on the part of Administration with regard to this kind of issue.

# *Karnaval: Nuwighede vreet aan verwagte winste*

DIE Karnavalvoorsitter, Kobus du Toit Bosman, sê vanjaar se winste sal heelwat hoër wees as in die verlede. Dit sal gepaard gaan met 'n aansienlike verhoging in uitgawes.

Dié verhoging is grootliks te wyte aan die aantal nuwighede wat ingevoer is deur vanjaar se komitee.

Vir die volgende paar jaar behoort Karnaval egter voordeel uit dié idees te trek.

Daar word gehoop dat hierdie nuwighede 'n raamwerk vir toekomstige Karnavalkomitees sal bied waarop verder gebou sal kan word.

Die Karnavalmeestersisteem en die kommissiestelsel aan meesters en debutante word hierby ingesluit. As doel is gestel die verbetering van terugvoer na die studente en die 'suiwering' van Karnaval ten opsigte van onaangenaamhede. In albei opsigte is daar geslaag.

Studente het vanjaar met nuwe entoesiasme projekte aangepak, en geen amptelike klagtes oor wangedrag is ontvang nie.

Verskeie faktore het daartoe gelei dat vanjaar se Karnaval-poging 'n groot sukses was. Volgens Kobus tel hieronder die positiewe belangsteling wat die SR getoon het, veral die lid vir Karnaval wat baie gedoen het en duidelik belanggestel het.

Die meer toegeneë houding van die Administrasie, en goeie steun en raad vanaf die Nagraadse Bestuursskool, het ook bygedra tot die sukses. Die koshuisverteenwoordigers het meer gereeld hul werk gedoen. Die goeie publisiteit wat Karnaval geniet het, en veral *Die Matie* se bydrae daartoe was ook 'n belangrike faktor, het die Karnavalvoorsitter gesê.

'n Uitloop van vanjaar se Karnavalpoging is die aanbeveling dat 'n permanente skakelbeampte vir Karnaval aangestel moet word. Volgens die voorsitter sal die persoon die Karnavalvoorsitter in sy taak bystaan en die nodige kontinuïteit voorsien. Hierdie aanbeveling word vervat in 'n mosie wat in die SP ter tafel gelê is.

## Uitslae van Karnaval

MILIETÊRE AKADEMIE en Huis ten Bosch het vanjaar die Smoegkompetisie gewen met 'n totaal van 5992 punte – die Akademie vir die tweede agtereenvolgende keer. Net 685 punte agter was Hombré en Harmonie, met Huis Visser en Monica derde, en Simonsberg en Erica in die vierde plek.

Die vlotoptog is deur Huis Visser en Monica gewen.

# Publikasie verbied

FEEL FREE, 'n publikasie van die English Society, is in Desember verbied. Die verbod is gepubliseer in die Staatskoerant van 11 Desember 1981, ingevolge die Wet op Publikasies, 1974.

Die Publikasieraad het dit Godslasterlik bevind volgens die beskrywing in art. 47(2)(b): "godslasterlik . . . of vir die godsdienstige oortuigings van enige bevolkingsdeel van die Republiek aanstootlik".

Volgens die SR-notules is 'n UK-vergadering gehou die dag voor die publikasie van die Staatskoerant. Die SR-voorsitter, Stephan Spies, het gesê dat dit 'n tikfout was. Op dié vergadering is 'n mosie aanvaar wat verklaar" dat die UK sy sterkste afkeer uitspreek teenoor die inhoud van die publikasie 'Angles' van die English Society."

Alle aktiwiteite van die vereniging is toe tydelik opgeskort. Lede van die komitee het hulle ongelukkigheid uitgespreek omdat hulle nooit amptelik van die opskorting of voorgenome optrede in kennis gestel is nie. Volgens die SR-voorsitter kon dié kennis nie gegee word nie vanweë adresveranderinge van die lede. Dit kon nie in die vereniging se posbus by Neelsie gepos word nie, omdat die inligting persoonlik aan hulle oorgedra moes word.

Hy het die sekretaresse van die vereniging gekontak vir 'n kopie van die publikasie, en volgens haar het sy die indruk gekry dat hy dit nog nie gelees het nie, veral omdat hy dit konstant "Angles" genoem het. Mnr. Spies lê klem daarop dat die UK wel 'n kopie gehad het by die neem van die besluit. Die kopie is aan die Rektor oorhandig by afloop daarvan.

### ONDERSOEK

'n Kommissie van Ondersoek is op 23 Februarie aangestel. Die aanbeveling dat die vereniging verbied word om vir die res van die termyn publikasies uit te gee, en dat die redakteurs van *Feel Free* na die Rektor verwys word, is deur die SR aanvaar. Optrede teen die vereniging is weens die oortreding van art. 9(c) van die verenigingsreglemente, nl. "dat die blad nooit by die Verenigingskomitee geregistreer is nie."

Mnr. Spies het aan *Die Matie* gesê dat die sterk aksie geneem is omdat die Universiteit se naam geskaad is, en omdat dit 'n morele saak is. Sover as wat vasgestel kon word, verskyn die Universiteit se naam nie op die publikasie nie.

# "No to system that bolsters white rule"

THE brown people would not participate in a new political dispensation which was designed merely to bolster white domination.

This was the message spelt out by the chairman of the coloured Labour Party, Mr David Curry, who spoke at a recent Polstu meeting.

Commenting on the split within the National Party, Mr Curry said the Prime Minister realised that the system could not be maintained by the whites alone. This realisation had prompted the furore over the question of power sharing which had precipitated the split.



MR DAVID CURRY

He called on the Prime Minister to abandon vague generalizations and to spell out clearly what goals he had in mind for the participation of other population groups in government.

The Labour Party rejects a system of separate parliaments because it precludes real power sharing. The coloured people would not participate in a new dispensation unless they were assured of an effective say in central government.

The need for peaceful change was stressed. Violent change in South Africa would hold disasterous consequences for the whole sub-continent.

Mr Curry spoke of his recent visit to Zimbabwe and praised the pragmatic approach of Mr Mugabe which had created a peaceful and relaxed atmosphere in the country (despite efforts in South Africa to convey the opposite impression).

It was a pity, he said, that this had only come about after a bloody civil war. South Africans should strive to avoid a repetition of the Rhodesian tragedy.

Replying to a question about the refusal of the Labour Party to participate in the Presidents Council, Mr Curry said the coloured people were tired of commissions and boards of inquiry.

The government's refusal to accept the Presidents Council's recomendations on Pageview and District Six served to underline the shortcomings of the body.

# *NP - skeuring*

DIE skeuring in die Nasionale Party is deur baie Maties as 'n stap in die regte rigting gesien.

Regse studente is verheug, omdat hulle dr. A.P. Treurnicht as die man "wat die wagtende volk kan lei" beskou.

Oor die toekomspad van die Regering was baie studente versigtig optimisties. "Mense glo dat die NP nou werklike verligte hervorminge sal laat plaasvind, maar die bindende rol van die ou ideologiese bande van Apartheid moet onthou word," het een van die wag-en-sien profete gesê.

Die skeuring volg op 'n artikel in die hoofinligtingsblad van die NP wat sê dat daar in een land nie meer as een regering kan wees nie.

Die artikel impliseer magsdeling met ander bevolkingsgroepe wat deur dr. Treurnicht en andere verwerp is. Dié twispunt het die skorsing van sestien Volksraadslede uit die NP tot gevolg gehad.

Baie studente was totaal oningelig oor die krisis. Sommige is onbewus wie van dr. Treurnicht of mnr. P.W. Botha tans Premier is.

VOOR JY JOU VASLOOP MET HUUR OF HUURKOOP, LOOP IN BY VOLKSKAS.




BANK SUID-AFRIKAANS Volkskas

KMP 8159/a

KIES JOU BANK VERSIGTIG.




DIT KAN DIE LANGSTE VERHOUDING VAN JOU LEWE WORD.

Kom gesels met Volkskas. Ons ken jongmense al baie lank – so lank dat ons nie net weet wat julle vandag wil hê nie, maar ook wat julle oor 'n paar jaar sal nodig hê. Ons behandel platsak studente soos groot kliënte. Want oor 'n jaar of twee is dit presies wat julle gaan wees.

Volkskas

KMP 8155/a

KOM OPEN 'N TJEKREKENING




BY VOLKSKAS.

Dis lekker om geld in jou sak te dra, maar dis nie baie veilig nie.

Vir klein en groot bedrae is die aangewese ding 'n tjekboek.

Kom maak vandag nog 'n tjekrekening oop by ons, want 'n Volkskas-tjek sê so 'n ietsie meer van die persoon wat sy naam daarop teken.

Volkskas

BANK SUID-AFRIKAANS.

KMP 8413/a



Nina Couvaras is op Vrydagaand 12 Februarie deur Margaret Gardiner — Mej. Heelal van 1978 — gekroon as Mej. Medies 1982. Die kroning het plaasgevind tydens die jaarlikse TSU-dans. Nina is 'n mediese student in haar tweede jaar. Op die foto verskyn v.l.n.r. Ingrid Wille (tweede prinses), Margaret Gardiner, Nina Couvaras en Liesl de Wet (eerste prinses).

## *HOND:*

# Huis Francie doop nuwe wag

TCHAI ZHIVAGO KOVSKI, Huis Francie se nuwe waghond, is op 2 Februarie 1982 om 19h00 in die Kerk (Ontspanningsaal) gedoop. Die doopplegtigheid was dié sosiale plegtigheid van die jaar in Huis Francie.

Soos die geleentheidsprediker, Jacques Pieterse, dit gestel het: "Dit is 'n groot dag in die geskiedenis van Huis Francie; dit is 'n besondere dag in die geskiedenis van Huis Francie en dit sal aangeteken word in die annale van die geskiedenis van Huis Francie. . . . Dit lui 'n nuwe era in Huis Francie in."

Tchai is op 18 Desember gebore en ter aanvang van die diens is geluister na die koor se uitvoering van die eerste gesang uit Tchai (kovsky) se eie 1812 (overture). Die gemeente is versoek om tydens die uitvoering te dink aan die leë verlede sonder hom en aan die wonderlike toekoms met hom.

Die boodskap was oor twee kraaie — en 'n eier wat gelê is. Ná die boodskap is tot die doop oorgegaan. Die doopformulier is aan die doopouers — Izolda Rosalinde Heydenrych en Christiaan Samuel Frederick Smit — en die gemeente voorgelees.

"Nademaals die hond tot sy instink gekom het, is dit instinktief nodig dat hy 'n naam kry waarop hy by aanhoor daarvan, instinkmati sal reageer, of — overgeze synde — hy daadwerklik e sonder aansiens des per soons, gehoorsaam sal wees.

Voorts moet hy/sy gelee word om sy/haar kos te ru minifiseer, ongeag of dit ru minifiseerbaar is of nie, aan gesien elke hond sy dag kr en aangesien sluimerend honde nie wakker gemaak mag word nie — of hy geru minifiseer het al dan nie."

Die peetouers het voort die suigeling ingebring om gedoop te word. Die ouer moes op twee vrae ant woord, en het o.a. beloof om Tchai op te lei, of deur Bar bara Woodhouse te laat op lei volgens haar onteenseg lik bewese onsuksesvolle op leidingsmetodes.

Tchai is plegtig gedoop e die seremonie is afgeslu met 'n kanonsalvo.

## H. Francie se nuwe nommers

NA verskeie jare het Huis Francie van Zijl 'n interkomstelsel en drie nuwe telefoonlyne bygekry. Hierdie drie lyne gaan deur 'n skakelbord waarmee die oproep na enige van die vloere deurgeskakel kan word. Hierdie nommers word dus net vir inkomende oproepe gereserveer. Die nommers is: 931-1265
931-1245
931-3464

# *Breek weg na die tropiese eilande*

BIRDSTR. 33 is nou nog 'n adres waar honger studente kan gaan kuier. Die naam van hierdie nuwe establishment is "The Islands".

Die restaurant word gehuisves in 'n ou Viktoriaanse dorpshuisie met sy oorspronklike muurtjie met al sy gietysterwerk voor die huisie. Om by die tema van 'n tropiese eiland aan te pas, is die kleurskakering 'n kombinasie van wit en blou.

Die versierings laat 'n mens terugdink aan die ou dae: 'n mens betaal die rekening by 'n ou "till", en voorwerpe soos 'n ou slagyster en die papagaai rond die prentjie mooi af.

**SIT BUITE**

In hierdie warm somerdae kan jy 'n verfrissing buite geniet onder 'n koel wit-en-blou sambreel terwyl die wêreld voor 'n mens verbygaan.

Die eienaar van "The Islands" is dieselfde persoon wat 'n ander baie gewilde eetplek op Stellenbosch geopen het, en as dieselfde standaarde by "The Islands" gehandhaaf word, kan dit nie anders as om 'n gewilde eetplek te word nie.




Die pragtige Viktoriaanse huisie waarin "The Islands" gehuisve word.


# STANZA




C.L. DATSUN
MERRIMANLAAN,
STELLENBOSCH.
TEL. 72916

Nuwe standaarde in prestasie en verfyning van 'n tydrenstaatmaker.

Puik eienskappe maak Datsuns puik.

DATSUN


## *MEDICS SE PRIMS*

### Hippokrates



## *Christie Smit*

CHRISTIE SMIT is die nuwe primarius van Hippokrates. Hy kom van Piketberg en is 'n vyfdejaar mediese student.

Hy en sy huiskomitee wil veral 'n trotse gevoel van samehorigheid onder Hippokrates-inwoners opbou en die koshuis 'n aangename plek maak om in te bly.

### Huis Francie



## *I. Heydenrych*

IZOLDA HEYDENRYCH is Huis Francie van Zijl se primaria vir 1982.

Izolda en haar huiskomitee wil, saam met elke inwoner van Huis Francie, help bou aan 'n steeds groter gesindheid van trots op en betrokkenheid by hul unieke omstandighede op Tygerbergkampus.

### Tyger-P.S.O.



## *Danie Gouws*

TYGERBERG PSO se p marius vir vanjaar beskou as 'n groot uitdaging om p marius van hierdie PSO-w te wees omdat Tygerb nou as 'n sattellietkampus skou word, met sy eie ad nistrasie. Hy wil hom bey vir 'n groter eenheidsgees vir groter betrokkenheid alle studente.




Wilgenhof se vlot, wat die sestiende plek in die vlotkompetisie behaal het. Sonop, in samewerking met Seksie 13 van Dagbreek, se vlot het negende geëindig.

# Sonop boikot Wilgenhof

SONOP is deur Wilgenhof geskiet vir Karnaval, maar twee dae voor die groot dag het die dames Wilgenhof die trekpas gegee en elke koshuis het op sy eie Karnaval gehou.

Volgens Anys van Greunen wat Sonop se kant van die saak gestel het, is Wilgenhof nie 'n koshuis wat erns met Karnaval maak nie, terwyl Sonop graag alles daaruit wou haal.

Volgens Geoff Kingwell, Karnavalverteenwoordiger van Wilgenhof, was die koshuis se indruk na die eerste HK-skakeling in 1982 dat Sonop bevooroordeeld was en Wilgenhof nie 'n halwe kans wou gun nie.

### SOSIAAL

Wilgenhof was nie bereid om deel te neem aan gebruiklike sosiale aangeleenthede, bv. vrugtefees of sjampanje-ontbyt, wat hand aan hand met Karnaval gaan, nie.

Die vrugtefees is wel van die hand gewys, maar Wilgenhof is skynbaar nooit genader oor 'n sjampanje-ontbyt nie.

Voor 'n gereëlde sokkie is daar in Wilgenhof afgekondig dat die Sonopdames daardie aand danslesse aan die beginners sou aanbied. Pierre Bredenkamp van Wilgenhof se kommentaar is dat dit 'n beproefde plan is om met meer as twee sokkies in een week by Administrasie verby te kom.

Die beoogde reklameset, waarvoor Wilgenhof verantwoordelikheid aanvaar het, het nooit plaasgevind nie. Volgens Pierre Bredenkamp was die reklameset klaar gereël toe hulle besef het dat dit dieselfde is as dié van Libertas.

Die aand met die venstersierings het die breuk egter gekom. Sonop wou 'n dans en 'n stokbroodbraai voor die koshuis hou. Die reël van hout, asook ouens wat volgens die tema aangetrek is, het onmoontlik geblyk.

Wat die hout betref, is Wilgenhof, volgens Geoff, die betrokke aand eers om 19h30 genader.

Daar het aanvanklik 'n aantal Wilgenhoffers opgedaag om te help, maar omdat Sonop nie genoeg werk vir hulle gehad het nie, het Geoff Kingwell dit nie nodig geag om verdere hulp te ontbied nie.

Die Sonopdames het daardie aand 'n noodhuisvergadering gehou en deur 'n petisie is Anys van Greunen gedwing om verdere karnavalaktiwiteite met Wilgenhof te staak. Op dié stadium was slegs sowat dertig dames ten gunste van Karnaval met Wilgenhof.

Behalwe vir die hulp van 'n paar Dagbreekmanne, het Sonop hul vlot eiehandig gebou.

Ten spyte van al die probleme en wrywing is albei koshuise dit eens dat hulle Karnaval '82 geniet het.

# Karnaval is nog lank nie verby nie


KARNAVAL is nog lank nie verby nie — dit kan 'n mens duidelik uit die gelaaide atmosfeer in Matieland agterkom. Die Karnavalkomitee maak vanjaar geskiedenis deur verskeie nuwe en interessante aanbiedinge die lig te laat sien.

Treffers soos "Kiss you all over", "Touch the part of me" en "Heart and soul" sal om 18h00 en 21h00 op Saterdag, 13 Maart in die Goeie Hoop Sentrum in Kaapstad gehoor kan word wanneer die bekende groepe Ballyhoo en Exile daar optree. 'n Gedeelte van die opbrengs sal aan Uskor gaan en alle belangstellendes kan kaartjies vir die beste sitplekke in die Sentrum teen R8,00 by die Karnavalkantoor of Computicket bekom.

### PRAM PRIX

'n Interkoshuisbraaikompetisie word in vooruitsig gestel te Vergenoeg ná die "touch"-rugby eindwedstryd, wat op Vrydag, 19 Maart, om 15h00 in die Danie Cravenstadion sal plaasvind. Rondom dieselfde terrein sal toeskouers Stellenbosch se eerste "Pram prix" kan geniet, en daarna by die braaikompetisie 'n stukkie boerewors gaan proe.

Die mees eksklusiewe atmosfeer sal geskep word deur "The Maties day at the Races" wat op Saterdag, 20 Maart by die Cape Turf Club in Milnerton gehou sal word. Die tema van die geleentheid heet "The Formal Forties". Behalwe nege perdewedrenne sal optredes deur 'n Kaapse Maleierkoor en Matieland se tamboernooientjies plaasvind. Kaartjies kos R2,00 of R4,00 en aan die duurder kaartjies is die moontlikheid gekoppel om 'n naweek vir twee in Sun City te wen. Die kaartjies is te kry by Debutantes en Karnavalmeesters of by die Karnavalkantoor.



Die bekende Amerikaanse popgroep, Exile, wat Saterdag in die Goeie Hoop Sentrum optree.

# *Nuwe trustfonds ingestel*

VANJAAR word daar vir die eerste keer in Stellenbosch se geskiedenis 'n Karnavalbeurs ingestel.

Dié studiebeurs is moontlik gemaak deur die Karnavalkomitee, onder voorsitterskap van Kobus du Toit Bosman, in samewerking met USKOR. 'n Studietrustfonds word gestig uit geld van Karnavalinsamelings. Die uitbetaling van die beurs word direk deur USKOR geadministreer.

Enige persoon, insluitend debutantes en karnavalmeesters, wat die hoogste som geld vir Karnaval ingesamel het, kwalifiseer vir die beurs. Die minimum ingesamelde bedrag van R5 000 is 'n vereiste om daarvoor in aanmerking te kom. Die beurs beloop R1 000 per jaar vir drie jaar.

Volgens Kobus Bosman sal dié instelling 'n positiewe invloed uitoefen op die studentemassa wat taamlik apaties staan teenoor geldinsamelings vir Karnaval. 'n Beurs wat R3 000 beloop, behoort meer studente te motiveer om hul kragte by Karnaval in te werp. Die grootste voordeel van die poging sal wees dat meer geld uiteindelik na USKOR kan gaan.

Die debutantes en karnavalmeesters verdien die hoogste agting vir hulle onselfsugtige werk. Daarom word verdere toegewings gemaak in die vorm van klasgeldkrediete. Debutantes wat R1 000 insamel, ontvang 'n korting van 10% op hul klasgeld. Vir bedrae bo R2 000 word 15% afslag toegestaan.

JONGMENSE DINK VANDAG ANDERS OOR BANKE.
HIER'S 'N BANK WAT ANDERS DINK OOR JONGMENSE.



Kom ons praat reguit. As nugtere bankmense wat maar altyd sekuriteitsbewus is, het ons vaagweg aan die jeug gedink as die leiers van môre.
Maar dit het verander.
Want die jeug het verander... altans, die Suid-Afrikaanse jeug.
Ons jongmense het die uitdaging van 'n vyandige wêreld aanvaar en hulle is die mense wat op haas elke terrein die boonste sport bereik.
Op die sportveld, op akademiese gebied, die handel, in die vervaardigingswêreld, op landbougebied ... maar bowenal op die grens waar ons land en sy mense verdedig word.
Ons by Volkskas glo dat ons moet luister na die probleem van enige jongmens wat by ons instap.
Ons weet vandag se jeug is môre se leiers en ons wil ons deel doen om hulle daar te kry — kom bespreek u geldprobleme met ons.

BANK SUID-AFRIKAANS
Volkskas

# Poësie is vir Lina Spies 'n uiting van vreugde

DIE MATIE gesels die week met Lina Spies, bekende digteres en dosent in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch.

Lina Spies was 'n student aan dié Universiteit van 1958 tot 1962 waar sy haar M.A.-graad in Afrikaans en Nederlands verwerf het. Sy het pas haar doktorsgraad verwerf.

Haar liefde vir die digkuns is gewek deur haar vader wat gereeld poësie voorgelees het. Sy het altyd gediggies gebêre in 'n geheime laai,

**PROFIEL**

maar sy het ernstig begin dig toe sy deel was van prof. D.J. Opperman se eerste Letterkundige Laboratium in 1960. Prof. Opperman het baie belang gestel in haar skeppende vermoë, en dit was die begin van 'n verbintenis van meer as twintig jaar tussen Lina Spies en prof. Opperman.

### BEGINSELS

Die belangrikste beginsels vir die skryf van poësie saam met natuurlike talent het sy by prof. Opperman geleer.

Vir elf jaar na die Letterkundige Laboratorium het Opperman haar weerhou om haar poësie te publiseer, maar in 1971 het haar eerste bundel, *Digby Vergenoeg*, verskyn. Lina Spies is bly dat sy so lank gewag het, want dit het haar weerhou om


LINA SPIES

goed te publiseer waarvoor sy later spyt sou wees.

### "JUGENDARBEIT"

Tog is sy ten gunste van jeug wat publiseer, want elke taal se letterkunde het sy "Jugendarbeit" nodig.

*Digby Vergenoeg* word verkeerdelik as jeugwerk gesien, want die manuskrip is dikwels in die tien jaar hersien. Dié werk word ook soms verkeerdelik beskou as die vertrekpunt vir 'n opwaartse lyn in haar poësie. Sy voel dat van haar beste gedigte, bv. "Paternoster vir Suid-Afrika", in haar eerste bundel gepubliseer is.

### DOSEERWERK

Lina Spies sê dat haar doseerwerk 'n verlengstuk van haar poësie is en dat daar verbande tussen die twee is.

Poësie is vir Lina Spies 'n uiting van vreugde in die treffende gebruik van woorde. Sy som haar gevoel oor haar werk op in die woorde van Cesare Pavese: . . . "Indeed, poetry has taught me to master myself, pull myself together, see things clearly; poetry has made something of me, in the most practical sense of the term . . ."

**GESPREK GEVOER DEUR JENNIE JOHNSON**


Breughel, koffiekroeg van die kunstiges.

# Breughel-kunskring beplan groot dinge met koffiekroeg

DR. BEN DE HAECK van die Departement Drama het onlangs 'n plek geopen waar kunstenaars kan ontmoet — die Breughel-kunskring net agter die Pizzeria-restaurant.

Daar word verskeie aktiwiteite aangebied. Een van die hoogtepunte is die Sondagaand-uitvoerings van "klein kuns", soos dr. De Haeck dit noem. Die program bestaan hoofsaaklik uit musiek, mimiek, drama, ens.

### ATMOSFEER

Die saaltjie met sy intieme atmosfeer is oop vir eksperimentele kuns. Dit is gratis tot die beskikking van enige persoon wat daar 'n uitvoering of uitstalling wil aanbied. Die uitstallings duur gewoonlik een maand. Op die oomblik is daar 'n uitstalling van Louis Janse van Vuren.

Daar is ook 'n Afrikaansekring waarin gedigte van Boerneef voorgedra word. Verskillende skrywers word uitgenooi om na voltooiing van die Boerneef-reeks deel te neem aan die program.

### MIMIEKLESSE

Mimieklesse word daagliks aangebied deur Nagel Stevenson. Daar word vir kinders 'n poppekas aangebied. Aan die einde van vandeesmaand word vertonings van "Hansie en die Lewenswater" gehou.

### SONDAGAAND

Die Breugel-kunskring is oop elke middag van 12h00-15h00 en later vanaf 18h00 tot laat saans. Dit kan Sondagmiddae besoek word vir koffie en wafels. Daar is ook Sondagaand-uitvoerings. Die Breugel-kunskring is 'n besoek werd.

# *Musicultus hou musiek vanjaar lewendig*

MUSICULTUS se etensuurkonserte tydens Karnaval was suksesvol. Die doel van die vereniging is hoofsaaklik om musiek "lewendig" te hou. Ligtemusiek word op smaakvolle wyse aangebied om studente meer bewus te maak daarvan.

Verlede jaar is daar vir die eerste keer 'n ligtemusiekprogram in die Endlersaal gehou met Beatles-liedjies op twee klaviere. Daar is op dié ligte trant voortgegaan tydens Karnaval. Die opkoms was besonder goed. Die voorsitster se mening was egter dat dit jammer is dat daar nie meer mense die weeklikse etensuurkonsert op Donderdae bygewoon het nie.

Vir die res van die jaar word daar beoog om o.a. 'n koerantjie oor musiekgebeurtenisse uit te gee en blokbesprekings vir konserte sal aan lede teen afslagpryse gedoen word. Vervoer word Kaap toe gereël vir spesiale uitvoerings. Straatkonserte word beplan asook 'n aand van Kabaret in samewerking met die Komitee vir Eietydse Musiek o.l.v. Niël le Roux. Daar word 'n filmfees beplan waar "musicals" vertoon sal word. Daar is elke kwartaal een etensuurkonsert wat aan ligte musiek gewy word en die Dameskoor en Magdalena Fourie sal op die volgende konsert optree. Daar word 'n "drie-in-een" konsert beplan waarvoor hulle jazz-kunstenaars wil kry. Om lid van Musicultus te wees, beteken afslag op sommige konserte en gratis toegang tot alle Musicultus se bedrywighede.

Ledegeld is R5 per jaar en as 'n mens wil aansluit kan 'n mens 'n brief in Musicultus se posbus met geld, naam en adres, gaan plaas.

# USAT acts up again in 1982

THE USAT drama festival will be held at the Old Conservatoire from the 22nd of March to the 1st of April. The producers of the USAT entry for the Grahamstown Drama Festival will be scouting for talent.

The University of Stellenbosch Amateur Theatre Association was founded to give amateur actors in Stellenbosch the opportunity to develop their talent.

For the Drama Festival, actors from a men's and a women's hostel combine to produce a play. Until 1980, it had been held at the Oude Libertas Theatre, but since the opening of the Stellenbosch Student Theatre last year, the plays have been staged there.

Three or four plays are staged an evening. At the end the judges will give their criticism. On Wednesday the 31st it will be a students' night when all the winning productions will be staged and afterwards there will be an informal get-together. Everybody is welcome. On the 1st of April the winning entries will be staged again.

The plays start at 7.30 pm. Bookings can be done at Edrichs. Late entries are accepted.

EDRICH

PRESENTS THE NEW
RICOH KR 5 SUPER




NEW FEATURES • Shutter 1/8-1/1000 plus B • Synchro 1/8-1/25 • Visual Selftimer

During the next few days the EDRICH photographer will be snapping you in the streets of Stellenbosch.

Who knows — your photo might be drawn to make you eligible to win the new RICOH KR5 SUPER camera.

All photos will be on view at EDRICH.

Good luck — see you at EDRICH.

Cobwebs

Juweliersware
Liebermann breekware
Mandjies
Afdrukke van tonele in die omgewing
Skulpe, kuriositeite, kerf- en kralewerk
Vinotique: Wynvate en Geelhout wynrakke

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk-Wassery

# Plakkate weerspieël 'n tydperk

'n TENTOONSTELLING van internasionale kunsplakkate vind plaas in die Kunsmuseum van die Universiteit van Stellenbosch van 22 Februarie tot 25 Maart 1982. Natalie Knight sê van die plakkaat die volgende in haar kort inleiding tot die tentoonstelling se katalogus: "Plakkate vorm 'n betroubare beeld van elke tydperk.

"Die treffende plakkate op dié tentoonstelling by die Universiteit van Stellenbosch doen meer as om net die tentoonstellings waarvoor dit ontwerp is, te adverteer. Dit is aanwysers van die rigting waarin die kunstenaars die afgelope dekades beweeg het.

"Hetsy plakkate in opdrag in 'n ateljee uitgevoer word, of anoniem op openbare mure gekrap word, die doel bly dieselfde, naamlik om die aandag van die verbyganger vas te vang.

"'n Plakkaat kan gedefinieer word as 'n papier wat in 'n openbare plek opgeplak word om 'n gebeurtenis aan te kondig, om 'n politieke mening uit te spreek, of om inligting oor te dra."

In hierdie uitstalling val die klem op plakkate van die afgelope dertig jaar. Kunstenaars van Brittanje, Europa en die Verenigde State word betrek. Volgens Natalie Knight word die sterkste indruk in die tentoonstelling verskaf deur die werk van popkunstenaars uit die sestiger- en sewentigerjare, soos byvoorbeeld Jasper Johns, Jim Dine of Robert Rauschenberg. As gevolg van die reproduksietegnieke, soos serigrafie en litografie in popkuns, is popkuns en plakkaatkuns nou verbind.


Natalie Knight noem verder die volgende:

"Alhoewel die plakkaatkuns as 'n kunsvorm nuut in Suid-Afrika is, word dit internasionaal erken as 'n belangrike hedendaagse gènre. Die Museum vir Moderne Kuns in New York hou uitstallings oor plakkaatkuns sedert 1933."

'n Paar ander bekende kunstenaars wie se plakkaatkunsvoorbeelde ten toon gestel word, is Marc Chagall, Salvador Dali, David Hockney, René Magritte, Henri Matisse, Georgia O'Keefe en Pablo Picasso.



'n Plakkaat deur Will Barret.



Jan Roy, 1981

# Kunskalender

**KUNSMUSEUM VAN U.S.**
22.2.–21.3.1982: Tentoonstelling van Internasionale Kunsplakkate. (Versameling: Merle Kaplan)

**KONSERVATORIUM: SONDAGAANDUITVOERINGS**
14.3.1982: Eric Rycroft (altviool), Oliver de Groote (klarinet) en Melanie Horne (klavier).
21.3.1982: Aanbieding van die KOMITEE VIR EIETYDSE MUSIEK U.S.

**NICO MALAN-OPERA**
13.3.–18.3.1982: THE TURN OF THE SCREW (Benjamin Britten) met Aviva Pelham en Manuel Escorcio. Dirigent: David Tidboald. Regisseur: Angelo Gobbato.

**OUDE LIBERTAS:**
5.3.–13.3.1982: ADAPT OR DYE – THE SUMMER EDITION. Aangebied deur Pieter-Dirk Uys.

**BAXTER-TEATER:**
11.3.–10.4.1982: FANGS, 'n rockblyspel met onder meer Graham Clarke, Bruce Millar, Bill Flynn en Annelisa Weiland. Regisseur: Bill Fairley.

**BAXTER-KONSERTSAAL-**
9.3.–27.3.1982: STOEP TO KONKA met Jeremy Taylor en Sandra Prinsloo.

**BAXTER-STUDIO:**
THE COLLECTOR, met Sean Taylor en Janet du Plessis, se speelvlak is verleng tot 20 Maart.

**CINE 1:**
15.3.–20.3.1982: FRENCH LIEUTENANT'S WOMAN met Meryl Streep en Jeremy Irons.
20.3.1982: THE PINK PANTHER STRIKES AGAIN met Peter Sellers.
22.3.–25.3.1982: CHARIOTS OF FIRE met Ben Cross, Ian Holm en John Gielgud.

**CINE 2:**
15.3.–17.3.1982: BLAZING SADDLES met Gene Wilder en Cleavon Little.
18.3.–20.3.1982: FIRST MONDAY IN OCTOBER met Walter Matthau en Jill Clayburgh.
20.3.1982: SHIPWRECK met Robert Logan.
22.3.–24.3.1982: PRUDENCE AND THE PILL met David Niven en Deborah Kerr.

# ASK 1982

DIE Afrikaanse Studiekring staan onder beskerming van die Departement van Afrikaans en Nederlands en is 'n vereniging wat hom beywer vir die Afrikaanse taal- en letterkunde. Gesaghebbende sprekers op dié gebied word uitgenooi en aan die studente voorgestel. Die ASK gee aan jong digters die geleentheid om hulle werk aan die studentepubliek voor te lê. Die gedigte word in die bladjie "Penseel" gepubliseer.

**BREUGHEL**

'n Nuwe wending in die bedrywighede is dat byeenkomste van die ASK voortaan in Breughel aangebied word. Die datums sal op kennisgewingborde aangebring word en die byeenkomste sal om 19h30 begin.

**LEDEGELD**

Omdat die ASK 'n paar maer jare beleef het, is studente welkom om aan te sluit. Ledegeld van R1 kan betaal word in kamer 222D in die Wilcocks-gebou. Alle studente van enige vakrigting kan aansluit.

D. NIENABER





Will Barret gebruik 'n ander styl.

U.U.B. VIR AL U

★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk

PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337

MOENIE JOU BLARE VERLOOR NIE.





KOM NA EEN VAN ONS STUDENTETAKKE.

Volkskasstudentetakke en agentskappe naaste aan jou.

Volkskas
BANK SUID-AFRIKAANS

8454

DEUR GELD TE SPAAR,




MAAK JY JOU WENSE WAAR.

Spaargeld is die geld wat dit vir jou moontlik maak om môre of oormôre daardie dinge te koop waarvan jy vandag nog net droom.

Volkskas bied jou 'n spaarplan wat vir jou die voordeligste is. Die 5-punt Uniplan van Volkskas kan jou help om te spaar vir jou wense van môre.

UNIPLAN.
JOU VOORDELIGSTE SPAARPLAN.
UNIEK VAN VOLKSKAS.

Volkskas
UNIPLAN

KMP 8414/a

**Die Matie**

Donderdag, 11 Maart 1982

# Kanselier in gedrang

AS titulêre hoof beklee 'n Kanselier die hoogste individuele amp aan 'n universiteit. Hy tree by besondere geleenthede, byvoorbeeld gradeplegtighede, amptelik op. In sy posisie verteenwoordig hy die goeie naam van 'n universiteit en word sy openbare gedrag geassosieer met die beeld van die studente en personeel wat hy beskerm.

Die Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, Sy Edele dr. B.J. Vorster, het deur die jare heen hierdie taak met 'n besondere waardigheid vervul. Sy onaantasbare lewenswandel en innemende persoonlikheid was nog altyd 'n groot bate vir die Universiteit. As lojale Matie en oud-Dagbreker is daar tydens sy opgang in die openbare lewe met bewondering na hom verwys as 'n uitvoerproduk van Stellenbosch. Vir die meeste studente was dit 'n heimlike begeerte om tydens 'n gradeplegtigheid deur oom John bekroon te word.

Die tentakels van die Inligtingsskandaal het meer as een politikus nadelig bygekom, maar dr. Vorster het daarin geslaag om eervol uit die stryd te tree en om steeds die respek van sy Alma Mater af te dwing. Daarom is dit jammer dat hy as Kanselier en oud-Staatspresident hom laat lei het deur sy persoonlike betrokkenheid by die partypolitiek.

Dr. Vorster se openbare persverklaring het rugbaar geword op 'n tydstip toe die politieke toneel nog vloeibaar was. Met die onvoorspelbare wending binne parlementêre verband het 'n vraagteken oor die Kanselier se volgende skuif ontstaan en volgens waarnemers het sy posisie op Stellenbosch in gedrang gekom.

Dit is duidelik dat die beeld van die Universiteit te alle tye die hoogste prioriteit moet geniet. Die onberispelike optrede van sy hoogste ampsdraers het 'n voorvereiste geword binne die hiper-kritiese samelewing van ons tyd. Geen universitêre instansie kan hom blootstel aan die spervuur tussen politieke partye nie. Allermins mag toegelaat word dat die persoonlike afkeure van individue 'n verleentheid vir die Universiteit word.

In alle eerbied teenoor die betrokkene doen ons 'n beroep op 'n sinvolle herevaluering van omstandighede sodat daar nie met 'n vinger na enigiemand gewys kan word nie. Daardeur behoort die skadelike skinderpraatjies op die kampus en bewering in die massamedia finaal gestil te word.

# Karnaval is misbruik

DIT is betreurenswaardig dat die jaarlikse Karnavalpoging die prooi geword het van diegene wat dit wil misbruik. In die vorige hoofartikel is besin oor die doel van Karnaval, maar "tradisioneel" verwerp sommige mense die organisatoriese masjinerie en word hul eie ego op die spel geplaas.

Die dispuut tussen Wilgenhof en Sonop laat 'n frank smaak in die mond en die tyd het aangebreek om die halsstarriges summier in die bek te ruk. Die saak behoort deur die Karnavalkomitee ondersoek te word en die skuldiges moet, soos Elsenburg, vir ten minste 'n jaar van alle Karnavalbedrywighede geskors word.

Stellenbosch kan die negatiewe reputasie van wegbrekers net nie meer bekostig nie.


## SENIOR REDAKSIE

**HOOFREDAKTEUR:** IAN THERON, Silvertrees, Jan Celliersstraat (Tel. 2122); Redaksiekantoor: Langenhovenstudentesentrum nr. 436 en 438 (Tel. 5979); Boodskappe: Sekretaresse, SR-kantoor, LSS (Tel. 70138); Posbus nr. 20.
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** JAPIE PIENAAR, Omegastraat 13, Rosendal.
**ADVERTENSIEBESTUURDER:** GERHARD UYS, (Tel. 9907).
**AKTUELE REDAKTRISE:** ANNAMI OOSTHUYSEN, Nerina, (Tel. 2042).
**NUUSREDAKTEUR:** DAWIE BOSCH, Louwstraat 5, (Tel. 71502).
**SPORTREDAKTEUR:** DANIE KEET, Van Coppenhagenstraat 22, Uniepark, (Tel. 6388)
**SOSIALE REDAKTRISE:** ILSE KRIGE, Zwaanswykweg 6, Karindal, (Tel. 4920).
**INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** JACQUES JOUBERT, (Tel 5273).
**HOOFFOTOGRAAF:** LEN VAN ZYL, Posbus 2300, Dennesig.
**SPOTPRENTTEKENAAR:** THOMAS TYLER, Huis Marias.
**HOOFVERSPREIDER:** NEIL LOURENS, Eendrag.
**SEKRETARESSE:** CARINE REYNDERS, Minerva.


# *Leë poste en veranderinge*

HIERMEE word aansoeke ingewag vir die volgende poste op die redaksie van **Die Stellenbosse Student '82:**

Redakteurs:
- Algemeen
- Kuns
- Studenteraad
- Koshuise
- Verenigings
- Sport
- Taal

Sekretaresse/Tikster:

Verslaggewers:
- Algemeen (3 poste)
- Kuns (2 pos)
- Studenteraad (1 pos)
- Koshuise (1 pos)
- Verenigings (1 pos)
- Sport (1 pos)

Verspreiders: (2 poste)

Proefleser: (1 pos)

Aansoeke moet gerig word aan: Die Voorsitter Publikasiekomitee, LSS, Stellenbosch 7600.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag, 20 Maart 1982.

### INTERVARSITY

AANSOEKE word ingewag vir die volgende poste op die Intervarsity-komitee:
- Konvenor
- Tesourier
- Sjampanjenooientjie (2 poste)
- Sekretaresse
- Sing Songs (6 poste)
- Groot Brag (4 poste)
- Reklame (4 poste)
- Danse (2 poste)
- Kaartjies (3 poste)
- Klere (3 poste)
- Vervoer (2 poste)


Rig u aansoek, vergesel van die nodige relevante ondervinding, aan: **Die Voorsitter, Intervarsity-komitee, SR-kantoor, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch.**

SLUITINGSDATUM: VRYDAG 12 MAART OM 12h00.

DIE volgende veranderinge moet in die Matiedagboek 1982 aangebring word:

**STUDENTERAAD**

Stephan Spies (tel. 9503).
Willem van Huyssteen, De Beerstraat 20, (tel, 74495).
Nick Barnardt (tel. 74316).
Tessa Middleton, Waldon 3, (tel. 9682).
Heinrich Nagel (tel. 2423).
Panayiotis Stais, Verreweidestraat 2, (tel. 4696).
Jan Woest, Merrimanlaan 62, (tel. 6448).
Piet Bosch, Merrimanlaan 66, (tel. 6537).




"Ag kom nou konstabel. Moenie kwaad word nie. Onthou, dis alles ten bate van U.S.K.O.R."

# *"Politieke leiers broei op hul eie nes"*

## Matie-Gesprek

ANNAMI OOSTHUYSEN gesels met



MNR. DAVID CURRY

IN Suid-Afrika vind polarisasie plaas omdat politieke leiers wat op universiteit gekweek word, op hul eie nes begin broei. So glo mnr. David Curry, bekende leier van die bruin gemeenskap. *Die Matie* het onlangs met hom oor die jongste gebeure in die politiek gesels.

**Daar is die afgelope tyd baie gepraat oor die oopstelling van die Universiteit en die hele saak word tans ondersoek. Hoe voel u hieroor?**

As 'n mens praat van 'n oopstelling van 'n universiteit, geld dit nie net vir die Universiteit van Stellenbosch nie. Ek praat van die oopstelling van alle universiteite. Die belangrikste rede hiervoor is dat ons 'n eenheidstruktuur in Suid-Afrika kan bou. Ek wil nie noodwendig so 'n struktuur hê om teen apartheid te praat nie.

Polarisasie vind in Suid-Afrika plaas omdat politieke leiers wat op universiteit gekweek word, op hul eie nes broei. Ons moet besef dat die mense wat hierdie land gaan lei, mekaar moet leer ken.

Dit is nie 'n kwessie van inmenging in die Afrikanerdom nie. Studente moet saam studeer en uitvind waaroor dit in Suid-Afrika gaan.

Baie mense beskou die Universiteit van Stellenbosch as 'n instelling waar die Afrikanergees gekweek en aangemoedig word. Ek het geen beswaar teen die stigting van so 'n universiteit nie. Daar ontstaan egter probleme t.o.v. ander universiteite. Op Wes-Kaapland kry 'n mens 'n soort "Kleurling-politiek". Mense sien 'n boikotgees en opkomende politieke leiers. Die vraag is of 'n mens soveel verskillende groepe wil hê as wat die universiteite nou aanmoedig.

Die Afrikaner lewe saam met die Engelsprekendes binne een politieke struktuur. Hy verdwyn nie omdat hy saamlewe met Engelse, Jode, Grieke en Franse nie. As Indiërs, bruin- en swartmense ook na 'n universiteit kom, sal die Afrikaner nie verdwyn nie. So bankrot is die Afrikanerdom nie dat hy sal vergaan bloot omdat hy met ander groepe saamleef nie.

**Sal u u kinders na Stellenbosch stuur?**

Ek wou graag. Ons het vir ons eie seun aansoek gedoen. Die Universiteit wou hom nie toelaat nie, want die kursus wat hy wou volg, word ook op Wes-Kaapland aangebied. Ek woon op Stellenbosch en dit sou baie makliker gewees het as hy hier kon studeer. Die beleid het gesê dat ek hom moet wegstuur. As ek 'n vrye keuse gehad het, sou hy hier studeer het.

Die Afrikanerstudente behoort meer met anderskleuriges in aanraking te kom omdat hulle in hul eie wêreld lewe.

**Wat is u mening oor die verwikkelinge binne die N.P.?**

Die skeuring in die N.P. is oor die Kleurling-vraagstuk. Dis waaroor alles basies gaan. Die stryery is nie oor die Afrikanerdom of dat die N.P. sy magsposisie gaan verloor nie.

Die geskil gaan oor magsdeling. Mense soos Andries Treurnicht wil aparte politieke strukture hê waarbinne regeer word. Ander mense besef dat sulke strukture weens ekonomiese redes nie verwesenlik kan word nie. Ons moet 'n regeringstelsel hê waar mense saam kan besluit.

Sommige ministers gebruik die woord "medeseggenskap". Die een groep mense wil elke groep apart laat regeer en die ander groep wil mense saamneem maar hul einddoel is nog vaag. Die konflik sal vererger indien die hele saak nie duidelik op 'n hervormingspad uitgestippel word nie.

**Hoe sien u die rigting van die "hervormingspad"?**

Ons moet eers 'n einddoel kry. Ons moet weet waarheen ons beweeg. Dis juis die probleem met die N.P. wat dinge nie duidelik stel nie.

Die party sal vir homself nog baie moeilikheid skep. Met hierdie skeuring is dit nie net die party wat skeur nie — dis kerkvlak, Broederbond, kultuur en studente.

Aan wie behoort ons nou? In die ou dae was ons seker waarheen die pad geloop het. Die antwoorde het in apartheid en afsonderlike ontwikkeling gelê. Nou is daar verwarring. Die politieke leier wat nie 'n einddoel voorhou nie, kan nie sy mense motiveer nie. Hy sê vir hulle: "Kom saam; ons weet nie eintlik waarheen nie, maar loop die pad saam".

Die onrus van die hervormingstaak lê nou by die Eerste Minister en die N.P. Hulle moet uitspel watter struktuur ons oor vyf, tien of twintig jaar sal hê.

**Hoe sien u die implikasies van die friksie binne die N.P. vir Suid-Afrika in die geheel?**

Dit sal alle vlakke aanraak. Eerstens sal die politiek betrokke wees. Mense sal keuses oor hul posisie in die politiek moet maak. Die sosiale en ekonomiese vlakke sal ook beïnvloed word.

Integrasie neem toe op sportvlak, maar op universiteitsvlak mag dit nie. Daar is dus konflikte wat sal bly bestaan totdat oplossings gevind word.

**Dink u dat die Presidentsraad al enige vordering gemaak het?**

Tot huidige het ons nog net oor Distrik Ses en Pageview gepraat. U weet tog wat die regering met daardie voorstelle gedoen het. Baie mense spekuleer en sê dat die skeuring gekom het toe inligting na beide kante begin uitlek het. Mense het verneem dat die Presidentsraad oor strukture van medeseggenskap begin praat en daar is kant gekies.

Myns insiens is daar politieke skinderstories wat uit die Presidentsraad sypel. Daar is baie menings oor die Raad se voorstelle. Ons moet maar sien watter vooruitgang die Presidentsraad bring.

**Sien u enige verskil in die rolle van die bruin- en swartman in Suid-Afrika?**

Ek sien eintlik geen verskil nie. Dis belangrik dat albei binne een politieke struktuur kom en saam regeer. Albei moet deelneem aan die ekonomie en saam die land uitbou.

Daar is wel 'n verskil t.o.v. die bruinman binne die politieke situasie weens politieke realiteite. Die blanke man regeer en wil die bruinman eerste nadertrek. Die bruinman sal nie alleen wil kom nie, veral nie die jonger mense nie. Dit sal die swartman se posisie beïnvloed. Die bruinman sal redeneer dat sy politieke vryheid afhang van die swartman s'n.

**Hoe sien u 'n praktiese oplossing vir meer selfbeskikking aan die bruin man?**

Dit hang af van wat 'n mens met selfbeskikking bedoel. Sal hy volle seggenskap hê oor bruinsake, woonbuurte, bruin onderwys en die Universiteit van Wes-Kaapland? Die regering het nooit verduidelik wat hulle met selfbeskikkingsreg bedoel nie. Mense praat nog abstrak. Dis 'n politieke realiteit dat die wit man regeer. Hy wil nie mag afstaan nie want hy is gewoond om die alleenmag te hê.

Magsdeling is vir my 'n werklikheid. As die witman nie mag deel nie, sal dit van hom weggeneem word soos met Ian Smith gebeur het. As dié soort geweld in Suid-Afrika moet kom, sal Zimbabwe soos 'n piekniek lyk.

# Radio Matie groei in drie jaar

RADIO Matie het stil-stil op Maandag 1 Maart sy derde verjaardag gevier. In die drie jaar het Radio Matie al 'n tradisie in Neelsie geword. Soos die huidige Rektor, prof. Mike de Vries, by die opening van Radio Matie gesê het: "Frustrasie is om nie na Radio Matie te luister nie."

Radio Matie het sy ontstaan te danke aan Deon de Kock. Hy het in 1979 'n besoek aan Radio Ikey gebring en op 1 Maart 1979 het Stellenbosch die sewende universiteit geword met sy eie radiostasie.

Sedertdien het Radio Matie uitgebrei van 'n beskeie dertien omroepers tot vandag se ongeveer vyftig lede. Dit sluit in omroepers, tegnici, nuuspersoneel en advertensiepersoneel. Nie net in Neelsie nie, maar in al die koshuise op die kampus asook op die Tygerbergkampus kan Radio Matie deesdae gehoor word. Die plateversameling het uitgebrei tot amper 'n duisend langspeelplate en 'n paar honderd solus-sewe's.

### NASRO

Teen die einde van 1980 is NASRO deur vyf universiteite gestig. NASRO is 'n oorkoepelende liggaam wat nouer skakeling tussen die radiostasies van die verskillende universiteite bewerkstellig. Hierdie verwikkeling het die verskaffing van plate ook vergemaklik.

Een van NASRO se langtermynprojekte is om lisensie, verskyn. In die tydskrif stasies sodat hulle op FM sal kan uitsaai.

Reeds by NASRO se eerste konferensie in Junie 1981 het die ledetal van vyf na tien universiteite vermeerder. Op hierdie konferensie is die grondwet opgestel en projekte vir die toekoms bespreek. 'n Tweede konferensie is in Desember 1981 by die Universiteit van Kaapstad gehou.

### RUBATO

In die laaste kwartaal van 1981 het *Rubato*, Radio Matie se amptelike publikasie verskyn. In die tydskrif word nuus oor plaaslike en internasionale kunstenaars, resensies van plate en films, nuus oor personeel, programme en treffersparades gepubliseer. Een van die mikpunte vir 1982 is om *Rubato* op 'n tweeweeklikse basis uit te gee.

### MIKPUNTE

Van die ander mikpunte vir 1982 is onder andere 'n teleks vir direkte skakeling met ander universiteite — hoofsaaklik vir nuusverkryging deur die nuuspersoneel. Advertensie-inkomste sal verhoog moet word sodat Radio Matie self sy onkostes kan dra. Die personeel gaan vergroot word ten einde meer doeltreffend te kan funksioneer.

Op die langer termyn word beoog om 'n nuwe ateljee en administratiewe kompleks op die balkon langs die Sanlamsaal te bou. Dit sal Radio Matie nader aan die studente-unie bring en terselfdertyd help om die gebrek aan kantoorruimte te verlig.




Radio Matie beskik oor 'n moderne ateljee. Aspirant-omroeper, Pieter Duvenage, sit hier.

# Drama op die kampus: hyskraan stort byna oor die afgrond

OP Maandag 1 Maart het die Gat 'n slagoffer geëis toe 'n hyskraan omgeslaan het. Daar was geen ongevalle nie. Werk is nie vertraag nie en die nuwe biblioteek sal na verwagting teen Julie 1983 voltooi wees.


Die werker wat besig was om 'n laaigraaf in die gat te laat afsak, sê hy het net gevoel dat die hyskraan begin lig en toe spring hy. Die voorval het plaasgevind toe die werkers om 10h00 ontbyt geneem het, met die gevolg dat geen werker naby genoeg was om getref te word nie. Niemand is dus beseer nie.

Groot getalle studente het die gebeure belangstellend dopgehou. Dit was veral die voornemende ingenieurs wat in hulle element was. Die toestand is van meets af geanaliseer en verbeeldingryke oplossings is aan die hand gedoen. Geoordeel aan die skare was klasse dié tyd redelik leeg.

Die werk aan die Gat is nie vertraag nie, maar vir Genrac, die eienaar van die hyskraan, het dit heelwat geld uit die sak gejaag. Ten einde die hyskraan weer regop te kry, moes die hulp van 'n hyskraan van die Johnson-maatskappy ingeroep word.

Teen Woensdagmiddag was die hyskraan weer op sy wiele.

Aangesien die hyskraan nie aan LTA, die maatskappy wat die bouwerk doen, behoort nie en geen inligting bekend gemaak mag word sonder die toestemming van die hoofbestuurder nie, was die terreinbestuurder nie bereid om enige kommentaar te lewer nie.



Met slegs die hyskraanarm as stut, staan die gevaarte op die rand van die afgrond.

# Wet T-shirt washout

A MISS WET T-SHIRT competition, which attracted widespread interest and subsequent comment, was held by Simonsberg and Erica as a Carnival promotion stunt.

The competition has been frowned upon by both the Simonsberg spectators and women involved — for different reasons. The Erica first-years, evidently volunteers, were meant to dive into the pool, clad in bathing costumes covered with shorts and T-shirts. Then they had to parade before the judges and over 200 Simonsberg spectators in their clinging T-shirts.

They did not. Emerging on the other side of the pool, they performed a little act with an umbrella, saying, "Now you see us, now you don't." When the spectators' expectations were disappointed, they left. Apparently they were dissatisfied by the turn of events.

Commenting on this incident the women involved said, "Well, thank goodness it's over" and "I didn't realise it was going to be like that." One woman was particularly upset, saying that she "felt like a fool".

*See p. 15 for a letter from* Damesbelange *about this issue.*

# *Bewaar dit veilig in 'n sluitkassie*

DIE LSS-komitee het 'n aantal sluitkassies beskikbaar wat aan PSO-studente verhuur word teen 'n koste van R4,00 vir die eerste kwartaal, R7,50 vir die tweede kwartaal, R6,50 vir die derde kwartaal, en R6,00 vir die vierde kwartaal.

'n Huurder is self verantwoordelik vir die aanskaf van 'n slot vir sy kassie. Voornemende huurders moet 'n duidelik gemotiveerde behoefte en sy/haar studente-adres met hul aansoek verstrek. Bestaande huurders sal aan die begin van elke termyn van verhuring, heraansoek om 'n sluitkassie moet doen.

Aansoeke moet gerig word aan:

Die SR-lid vir LSS
Studenteraadskantoor
Langenhoven Studentesentrum
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

Belangstellende privaatstudente kan ook hul onderskeie primarii/iae vir verdere inligting nader.

# Gerekenariseerde taalonderrig word uitgebrei

DIE gerekenariseerde taalonderrigprojek waarmee die Instituut vir Taalonderrig besig is, het so momentum gekry dat die omvang van die werk vir 1982 sowat 225 persent groter is as vir 1981, het die Direkteur van die Instituut, dr. Dawid van der Vyver, gesê.

Dr. Van der Vyver het gesê die groei op die gebied van gerekenariseerde taalonderrig moet meer gesien word in die lig van die verslag van die De Lange-kommissie, waaruit dit duidelik geword het dat die gebruiksmoontlikhede van die rekenaar in die onderwys en opleiding deeglik ondersoek behoort te word.

Twee gerekenariseerde taalkursusse word tans by die Instituut opgestel en behoort teen die einde van 1982 voltooi te wees. Die doel daarmee is om, waar terminale beskikbaar is, studente en onderrig-personeel, asook werkers in die nywerheid, in staat te stel om met behulp van die mees gevorderde elektroniese toerusting ter wêreld hul begrip-, lees- en skryfvermoë te verbeter. Dit is daarop gemik om een van die grootste behoeftes in die land te verlig.

Die werk sal voltooi word deur vier kursus-opstellers, 'n heeltydse bestuurder van programmering uit Illinois, Amerika, veertien programmeerders, asook 'n span konsultante wat van die voorste deskundiges ter wêreld op dié gebied insluit.




Die beheerkomitee van Verenigings het aan die einde van 1981 'n verenigingskoördineringsbord teen die muur van die SR-Raadsaal aangebring. Die doel van hierdie bord is om oorvleueling van verenigingsaktiwiteite daar te stel. Alle verenigings is verplig om 'n kennisgewing op die bord aan te bring alvorens reklame op die kampus gedoen word.



Die "punks" kap dit uit.

# Matie beveg apatie

TEN einde veral eerstejaar- en tweedejaarstudente aan te moedig om aktief aan die verenigingslewe op die kampus deel te neem, beplan *Die Matie* 'n projek waarin die aktiewe deelname van eerstejaar- en tweedejaarstudente aan verenigings wat by die SR-kantoor geregistreer is, groot prestige vir hul koshuis kan verseker.

Die getal aktiewe studente van die onderskeie koshuise sal relatief tot die getal inwoners uitgedruk word om al die koshuise 'n kans te gee. 'n Wisseltrofee sowel as R100 elk vir die wenners van die mans- en dameskoshuise onderskeidelik sal op die spel wees. Om huiskomiteelede aan te spoor om studente tot deelname aan te moedig, sal die HK van die wenkoshuise tydens 'n formele geselligheid onthaal word.

# *Punktroue verwek opspraak*

"AS dit is wat deesdae op Stellenbosch aangaan, wil ek nooit weer op die plek kom nie."

Dié woorde van 'n ou omie het die joligheid nie gedemp nie. Die oom het self beter gevoel toe die ongewone skouspel aan hom verduidelik is. Eendrag en Minerva se karnavalreklameset was in volle swang.

Met lemmetjies in die ore, haakspelde deur die wange en neus, kettings en genoeg verf het dié twee koshuise die Goue Akker tot in sy fondamente geskok. Terwyl party mense in afgryse staan en kyk het en ander net wou meedoen, het hulle heel besadig met Tant Mossie se Boeredans weggeval, maar daarna was daar net geen keer aan die klomp nie.

Alwyn Swart en Anton Kritzinger, organiseerders van die Reklameset, was baie tevrede met die verloop daarvan, aangesien dit in die eerste plek daarom gegaan het dat almal dit moes geniet.

Die publiek se reaksie is goed saamgevat deur 'n omstander wat opgemerk het: "Dit lyk my Eendrag is die land al weer 'n end vooruit".

# perspektiewe en dinge

## japie pienaar

'n VROLIKE figuur stap flink af in Victoriastraat. Hy dra Johan Brink se jongste someruitrusting, is netjies geskeer, rook nie, drink nie, en lôl nie met "wedevrouens" of politiek nie. Kortom, hy lei 'n ongekompliseerde lewe.

Maar dan, voor hom in die sypaadjie, word hy met 'n eienaardige, ovaalvormige objek gekonfronteer. Sy Naas Botha-impulse noop hom byna om 'n stelskop uit te voer na die miniatuur rugbybal. By nadere ondersoek ontdek hy dat dit 'n eier is. 'n Goeie ou hoendereier. Hy loop eers apaties verby, maar sien uit die hoek van sy oog Wilgenhof se nuutgeverfde muurtjie. Boosaardige, destruktiewe gedagtes kom by hom op. Flink en atleties raap hy die eier op, verbeel hom hy's Peter Kirsten in die dekveld en mik. Dan, uit een van die bome, kom die vermanende stem van Tertius Teoloog:

"Helaas, broeder, dit is tog aborsie! Jy is besig om 'n potensiële lewe te vernietig."

Nou ja, ons man wil nie met sulke dinge lôl nie en gooi toe maar *nie*. Maar dan merk hy 'n bus in die verbygaan met 'n slagspreuk op: *"Beplan 'n kleiner gesin, vir 'n groter toekoms."* Gooi 'n eier en hou die hoenders in toom!

Nou weet ons man darem nie so mooi nie. Hy gaan sit op die gras en "skrutineer" die eier deeglik. Hy't gedog 'n mens kry net gekookte eiers, gebakte eiers en roereiers. Dan onthou hy ook daai boek wat sy ma vir hom op sy sestiende verjaarsdag gegee het. *Die blommetjies en die bye.* Daar het hy ook van allerlei eiers gelees. Sy idilliese gedagtes word wreed versteur deur mev. Aksie-morele-eiers:

"Hoe durf jy! Daar bestaan g'n sulke eiers nie, en sou hulle wel bestaan, moet ons hulle weg hou van die wellustige oë van ons jong seuns. Gee my nog daardie *edele* hoender, die een wat die eier *nie* kan lê nie, ja dié haan wat op die kerktoring staan. Wat het geword van ons volkshoenders wat nog die diens op die tempel verkies bo die waansinnige, sondige produksie van eiers?"

"'Skuus, antie."

Hy steek maar die eier in sy sak, want laat val hy dit, is Omgewingsbewaring ook op hom. Hy stap verder en neurie ingedagte: "My Sarie Marais het 'n eier gelê . . ." Die volgende oomblik loop hy hom vas in Fransien Filosoof:

Sy: "Watter kleur is jou eier?"

Hy: "Wit. Hoekom?"

Sy: "Selfs *Die Burger* sê dan bruin eiers is beter as wittes."

Hy: "Almeskie, maar ek lôl nie met bruin henne nie. Jy weet, Artikel 16 van die Eiertug Wet . . .

So kom ons man by sy koshuiskamer aan. Hy steek die vervloekte eier weg tussen sy ondergoedjies, en probeer daarvan vergeet. Maar daar's nog een ding wat hom hinder. Esmé en Jan sê altyd op *So eier 'n mens*: "Skei die wit en die geel van die eier." Hoe op aarde? Hy vra maar sy kamermaat, Piet Prog:

"Hê, Piet?"

"Gaan vra die Nasionale Eier-Party."

"Watter een, Piet?"

"Wat van die Treureiers?"

Maar ons man lôl mos nie met politiek nie. Hy kan nie verstaan hoekom studente-eiers altyd op hul eierskapseminare so behep is daarmee nie. Hy en sy maters hou hul maar by goeie ou vroteier.

Wat het dit alles tog in elk geval met die prys van eiers te doen? Dink liewer aan die arme henne wat dag en nag in broeikaste eiers moet produseer soos masjiengeweerkoeëls. En daarna kan ons begin kibbel: Wat was eerste, die hoender of die eier?


# Pandora's Box



**Time,**
**Time, see what's become of me**
**While I looked around for my**
**possibilities.**
**I was so hard to please.**
**Look around,**
**Leaves are brown,**
**And the sky is a hazy shade of winter.**

**Paul Simon.**

# *Alfa en Oméga. . .*



*Kyk hier's my hande, O Heer,*
*rooi en vereelt en groot;*
*dié gee ek vir húlle daagliks*
*en vra my brood.*
*. . .*
*en as my hande wurge, O God,*
*rondom 'n keel een dag*
*wees U die bloed, wees U die spier,*
*wees U my greep se krag.*

*N.P. Van Wyk Louw*

# SP wil groepe verseker

SP-LEDE het opdrag ontvang om in hul kiesafdelings te bepaal of daar 'n behoefte aan 'n laekoste groepsversekering vir studente bestaan. Die mosie wat aanvaar is, wil ondersoek instel na lewens-, ongeskiktheids-, mediese- en begrafnisversekerings. Volgens Deon Rossouw sal die premie ongeveer R7,80 per jaar bedra indien die projek aanvaar word.

Dameskoshuise is met twee mosies in die kollig gestel. Die "SP (het) sy ontevredenheid uitgespreek met die huidige inkomtye van eerstejaardamestudente." Die Prim-komitee word versoek om aandag aan die saak te gee. Daar is ook besluit om 'n kommissie van ondersoek uit die SP aan te stel om die redes vir die afname in die getal dames in koshuise te bepaal.

Die SP vra verder die getalle van getroude studente en behuising wat deur die Universiteit verskaf word, aan. Aansluitend hierby, beplan Sarita Hauptfleisch, SR-lid vir Akademiese- en Studentebelange om gedurende April en Mei die behuisingsmoontlikhede vir getroude en senior studente te ondersoek.

SP-lede moet ook die behoefte na die aflegging van hereksamens direk na afloop van die aanvanklike eksamen in hul kiesafdelings peil. Hannetjie Marais sal 'n verdere mosie tydens die volgende vergadering op 16 Maart indien.

Gedurende die volgende SP-vergadering sal Pieter Bosch 'n mosie indien n.a.v. die dood van dr. Neil Aggett in aanhouding en die herhaalde versoeke van die Mediese Raad van Suid-Afrika aan die Minister van Gesondheid om meer besonderhede te bekom. Micheline Tusenius se voorgestelde mosie betuig instemming met die steun wat die Eerste Minister ontvang het en spreek die vertroue uit dat daar meer doelgerigtheid in die oplossing van landsprobleme sal wees. 'n Verdere voorgestelde mosie betreur die uitsprake van Staatspresidente oor die party-politiek aangesien lg. 'n verenigde simbool vir 'n nasie behoort te wees.

## Uit die SR en SP


Tydens die vorige SR-vergadering het Deon Rossouw, lid vir Verenigings, 'n verslag oor Feel Free, 'n verbanne publikasie van die English Society, voorgelê. Daar is besluit dat die betrokke liggaam sy verenigingstatus behou, ma dat sy publikasieregte v die res van die 1981/8 termyn opgeskort wor Die redaksielede word n die Rektor verwys.

Sarita Hauptfleisch h 'n uitgebreide reglemen voorgelê vir Akademies en Studentebelange. Grot skakeling tussen depart mente en fakulteite sal m die instelling van fakulteit komitees en 'n gesamentlik hoofkomitee verkry wor 'n Nuwe projek moedi eerstejaars aan om goe simbole in die Junie-eks men te behaal. 'n Punt stelsel bereken die prestasie punt van al die eerstejaar van afsonderlike koshuis en twee bekers word aa die wenners uitgeloof.

'n Brief van die bestu van die Sanlam Goue Akk aan die SR het beswa gemaak teen 'n reklames wat koshuise in die sentrum gehou het. Daar is beweer verlies van verkope va winkels in die omgewin waar 'n punk-groep op getree het. Jan Woest sal di saak saam met die Ka navalkomitee opneem. D skrywe noem dat seker winkels aandring op ve goeding vir verliese va verkope.

Die SR-sekretaris s voortaan nouer met di SP skakel en sorg di reglementêre sake van di stembus nagekom word Hy sal ook as stembu konvenor vir SP-tussenve kiesings optree.

deur **Annami Oosthuyse**



At the University of Stellenbosch new trends . . . .

# Is aanhouding sonder verhoor regverdigbaar?

DIE golf van ontnugtering wat Suid-Afrika oorspoel het na dr. Neil Aggett se dood, het nie ongesiens by Stellenbosch se ivoortoring verbygegaan nie. Slegs enkelinge het die moed van hul oortuiging gehad om die studentemassa se afsydige houding jeens die politieke realiteite van hulle land te trotseer.

'n Mens moet afsien van emosionele reaksie en die beginsel en effek van aanhouding sonder verhoor, nugter beskou. Die hele aangeleentheid is 'n polities-morele een waaroor elke burger moet besluit. Dus sal hierdie artikel hom nie tot juridiese strydvrae beperk nie.

Veiligheidswetgewing is 'n noodsaaklike euwel waarsonder selfs die demokratiese Verenigde Koninkryk en Wes-Duitsland nie kan klaarkom nie. Dié wetgewing beperk individuele regte en vryhede wat die boustene uitmaak van 'n demokratiese stelsel.

Waar die toepassing van veiligheidswetgewing boonop by die uitvoerende gesag lê, vesteur dit die delikate balans tussen owerheid en onderdaan wat oor die eeue heen in die Westerse politieke en regstradisie ontwikkel het. Dit is juis die wese van aanhouding sonder verhoor.

Dis skokkend en onheilspellend dat die wye omvang van "aanhouding sonder verhoor" die opskorting van gemeenregtelike vryhede en regte aan die willekeur van die owerhede oorlaat.

Artikel 6(1) van die Wet op Terrorisme magtig 'n senior offisier om iemand sonder 'n lasbrief te arresteer en vir 'n onbeperkte tydperk vir ondervraging aan te hou. Artikel 6(4) maak voortgesette aanhouding wel afhanklik van ministeriële goedkeuring. Die finale besluit lê nog by 'n funksionaris van die staat (die minister, wat boonop 'n politieke figuur is.

Hoewel die polisie-offisier rede moet hê om te glo dat die aangehoudene 'n terroris is, of inligting m.b.t. terroriste of misdade onder die betrokke wet van die polisie weerhou, bied dit nie troos nie.

Artikel 6(5) sluit die bevoegdheid van die howe uit om uitspraak te gee oor die geldigheid van 'n optrede ingevolge art. 6 of om die vrylating van enige aangehoudene te beveel.

Artikel 6 van die Wet op Terrorisme gee die staat die bevoegdheid om na willekeur sy onderdane van hulle fundamentele regte en vryhede te ontneem. Die staat hoef nie in 'n hof verantwoording te doen of sy redes bekend te maak nie. Die oorgrote meerderheid wat ingevolge die artikel aangehou is, is vrygelaat sonder om aangekla te word. Dit laat geregverdigde twyfel ontstaan oor die wyse waarop die regering dié drastiese maatreël benut.

Die grondliggende beswaar teen art. 6 van die Wet op Terrorisme is dat dit 'n soort gesofistikeerde sielkundige marteling veroorloof. Die artikel magtig die ondervraging van aangehoudenes vir 'n onbeperkte tydperk en dit lyk asof eensame aanhouding 'n roetine-praktyk is.

Laboratorium-eksperimente het bevestig dat langdurige isolasie – selfs sonder ondervraging tot ernstige geestelike verwarring en disoriëntasie lei. Dis geen wonder dat eensame aanhouding in Brittanje en die V.S.A. afgeskaf is nadat 'n skerp styging in kranksinnigheid onder gevangenes waargeneem is nie.

'n Mens sou, t.s.v. bewerings tot die teendeel, kon aanvaar dat die Suid-Afrikaanse Polisie nie geweld by ondervraging aanwend nie. Tog is die gevolg van eensame aanhouding skokkend na vore gebring met die dood van dr. Neill Aggett en die opname van mnr. Thomazile Gqueta in die psigiatriese saal van 'n Johannesburgse hospitaal.

In dié opsig skiet die Rabie-kommissie te kort. Daar is aanbeveel dat twee staatsamptenare, 'n landdros en 'n distriksgeneesheer tweeweeklikse besoeke moet doen. Dis 'n skrale troos vir iemand wanneer die staat oor sy wel en weë beskik. Hersieningsrade kan wel 'n positiewe uitwerking hê.

Wanneer iemand nie na ses maande vrygelaat word nie, sal bg. rade die polisie se redes vir verdere aanhouding ondersoek. Aanbevelings van die hersieningsrade moet aan die Minister van Wet en Orde voorgelê word. As die minister nie die aanbevelings opvolg nie, kan die Hoofregter die minister se beslissing ter syde stel. Die rol wat hierdie rade sal speel, sal grotendeels deur hul samestelling bepaal word. Ongelukkig word dié kardinale aspek in die hande van die staat gelaat.

Veiligheidswetgewing is in bepaalde krisisomstandighede noodsaaklik. Die toepassingswyse van die wette speel 'n bepalende rol in die uitwerking daarvan. Dis vir elke Suid-Afrikaner belangrik dat 'n stabiele en vreedsame bestel verseker word.

Staatsveiligheid word egter nie verseker met die opskorting van individuele regte en vryhede wat aan die staat se diskressie oorgelaat word nie.

'n Mens moet onthou dat die huidige staatsbestel die grootste deel van die bevolking van die politieke besluitnemingsproses uitsluit en op haas elke ander terrein teen hulle diskrimineer.

Die aard van aanhouding sonder verhoor verleen aan die uitvoerende gesag bevoegdhede wat tradisioneel by die geregtelike gesag tuishoort. Dit ontneem die individu van die billikheidsreëlings van die prosesreg. Dis twyfelagtig of sulke wetgewing die langtermyn-orde kan verseker.

Elke Suid-Afirkaner moet agslaan op die woorde van die Gardiner-komitee wat Britse veilighiedswetgewing ondersoek het: "The imposition of order may be successful in the short term; but in the long term peace and stability can only come from that consensus which is the basis of the law."



**MENINGS-AKTUEEL**

**Francois du Bois, 'n LLB-student, is die skrywer van meegaande artikel.**

# Apartheid's bastion moves ahead slowly

IN Stellenbosch University's student centre cafeteria, loudspeakers blare punk rock at modishly-dressed students, while an ox-wagon – symbol of Afrikaners' settler past – sits all but invisible in one corner.

The scene symbolizes the changes underway at South Africa's leading Afrikaans-medium university.

In this former bastion of conservatism and apartheid ideology, a more liberal outlook is taking root among faculty and students.

These changes reflect the struggle over educational and political reform now convulsing the intellectual elite of Afrikanerdom, the dominant group in South Africa's ruling white minority.

As Stellenbosch professor Nico Smit puts it, "What is happening in Stellenbosch happens eventually in the rest of the country, because Stellenbosch has such a strong influence on Afrikaner thinking."

**Craig Charney, former reporter at THE STAR, wrote this article after completing an independent study on the new liberal attitudes at Verwoerd's old university. The article has been shortened.**

"Stellenbosch was the avant-garde of the apartheid idea" in the 1950s," says Dr Hermann Giliomee of its history department. "In the 1960s, deviants were driven from the fold."

Since then, the scope for reformist lecturers to speak their minds has widened dramatically, according to Dr Willie Esterhuyse, professor of political philosophy.

He and a few other brave lecturers go so far as to include banned authors like Marx and Althusser on their reading lists.

Such things are possible, he says, because younger men have replaced old *verkramptes* (conservatives), and the intellectual climate has mellowed. As in Afrikanerdom's other institutions, the liveliest minds of the university are reformist – though they do not make up a majority.

Men like Professor Esterhuyse represent the paradox of Stellenbosch today; in the old order, but no longer of it. He has a volume called *Apartheid must die* to his credit, but he remains a member of the Broederbond.

The rector of Stellenbosch, Professor Mike De Vries, also a Broederbonder, set conservatives' teeth gnashing last year when he said that the legally segregated university should admit blacks.

To change the university's much-criticized "degree-mill" atmosphere, Professor De Vries has urged more opportunities for individualized instruction, small classes, and creative thought. He laid into many of the sacred cows of the authoritarian Afrikaans academic tradition in a speech to his faculty, slamming dons who persist with a rote teaching style and a cold, distant manner.

"We are busy with the emancipation of the student in our instructional programme," he declared.

Indeed, the most remarkable changes at Stellenbosch have been those among the students.

They look more like their counterparts at the liberal English-medium universities than the straight-laced students on other Afrikaans campuses, as they saunter round wearing jeans, T-shirts and longer hair.

More than 2,200 of the 12,000 students signed a recent petition for a referendum on opening the university to all races.

Mr Francois Du Bois, chairman of the local branch of Polstu, a student group which demands equality between black and white, is none other than a grandson of Dr Verwoerd.

But the real reasons lie in the growing affluence and sophistication of the Afrikaans community, and the weakening hold of traditional attitudes.

Against this backdrop, students at Stellenbosch – traditionally the vanguard of the Afrikaans universities – were in 1969 the first and so far only campus to vote to drop out of the conservative Afrikaans student bond. In the early 70s, political discussion circles began mushrooming.

The 1976 black uprising accelerated the anguished re-think. Some students bought guns to defend the campus – but more were shocked into realizing how deeply black grievances threatened their sheltered existence.

The information scandal of 1979 also weakened the faith of many students in the Afrikaans leadership. Nowadays, Professor Giliomee estimates at least 25 per cent of the students are "alienated" from the National Party.

Nevertheless, it is important not to exaggerate the extent of liberalization at Stellenbosch.

A member of the Students' Representatives Council (SRC) says that a majority of students are probably fairly apathetic supporters of the National Party.

On campus, the liberal students have suffered an embarrassing series of defeats. A liberal SRC was ousted, the SRC constitution was gerrymandered against them, conservatives swept the new elections, and the "open university" referendum was scuppered.

These defeats are said to have been masterminded by the Ruiterwag, the secret youth wing of the Broederbond, which is far better organized than the increasingly disheartened liberals.

The more liberal faculty members also question whether most of their colleagues' commitment to reform goes beyond opening restaurant, theatre and university doors to blacks.

Professor Smit, himself a prominent Stellenbosch dissident, says he does not believe in outright black majority rule.

Even the rector's strictly academic ambitions for reform have hit resistance from Afrikanerdom's entrenched conservatives, notably on the sensitive question of admitting blacks.

He admits he dare not go too far, too fast. "You must be very careful to move ahead, but not leave your people behind."



. . . . are replacing the old.

Fotofast
DIE ENIGSTE KLEURLABORATORIUM IN STELLENBOSCH
VIR
7 UUR
ONTWIKKELING EN AFDRUKKE
DIESELFDE DAG DIENS
(in teen 10vm uit teen 5 nm)
GRATIS GESKENK
BRING HIERDIE ADVERTENSIE, OF 'N KOPIE, WANNEER U, U KLEURFILM BRING VIR ONTWIKKELING EN ONTVANG 'N GRATIS GESKENK.
(TERWYL VOORRAAD HOU)
AFDRUKKE GEDRUK OP KODAK-PAPIER VIR DIE GOEIE VOORKOMS.
Besoek die foto-spesialiste
TRUST BANKSENTRUM • ANDRINGASTRAAT 43 • TEL 3435




Skink 'n glasie Drostdy-Hof en kyk dan na die mooi van gister en eergister wat behoue gebly het. Die aangename herinneringe. Die onvervangbare versamelaarstukke. Die mooi gebruike, soos byvoorbeeld om 'n glasie goeie wyn te geniet.

Dis die wêreld van Drostdy-Hof Wyne, die trotse produkte van die Drostdy Wynkelder. Elke uitsoekwyn in die reeks adem die gees van die ou Drosdy op Tulbagh en roep herinneringe op uit 'n geskiedenis van byna twee honderd jaar.



'n Reeks sierlike wyne: Premier Grand Cru, Stein Select, Late Harvest, Claret Select, Ruby Rosé.




**DROSTDY-HOF**

## Drostdy-Hof maak die mooi van gister deel van vandag.

DRD 4026A/2

# Student trek los teen omsingeling

**A. GARDINER, Flamingoweg 25, skryf:**

Die kwessie wat in hierdie brief ter skrywe gebring word, is die praktyk by sommige boekwinkels op Stellenbosch om tafels rondom die boeke te plaas sodat die "potensiële" koper nie direk sy boeke kan gaan uitsoek nie. Ek sal deurgaans ná hierdie praktyk as die omsingelingstegniek (O.S.T.) verwys. Hierdie maatreëls moet teen die agtergrond van die groot boekaankope aan die begin van die akademiese jaar gesien word. Die rede hoekom ek *potensiële* in aanhalingstekens plaas, sal uit my verdere uiteensetting duidelik blyk.

**REDES**

Moontlike redes vir die OST is die volgende:

a) Die verkeer moet gereguleer word. Om te verhoed dat studente nie mekaar vertrap in hul soektog na die verlangde boek nie, sou die OST miskien daartoe kon bydra om sake meer ordelik te laat verloop: die student doen by die verkoopsdame navraag en word na die tafels gestuur wäar sy rekening uitgeskryf word. Die interne administrasie sou ook daardeur vergemaklik word.

b) Misdaadvoorkoming kan as nog 'n rede gesien word. Gesien in die lig van die moontlike chaos wat daar kan heers sonder die OST, is dit miskien moontlik dat studente die boekwinkel kan verlaat sonder om vir sy boeke te betaal. Met die orde wat moontlik deur die toepassing van die OST geskep kan word, sou diefstal uitgeskakel kon word.

c) 'n Opgeleide verkoopsdame sou miskien die boeke makliker opspoor as die student.

**GEVALSTUDIE**

Op 17 Februarie 1982 het ek gegaan om die volgende voorgeskrewe boek aan te koop: Neijt, A.: *Gapping, a contribution to sentence grammar* (Foris Publications: Dordrecht, 1979). Op dieselfde dag het ek 'n vriend verneem dat boeke by 'n sekere boekwinkel (noem dit G – die OST word nie daar toegepas nie) effens goedkoper is. Ek het toe besluit om die boek daat te koop, veral om twee redes:

a) die gerug dat boeke by G goedkoper is en die OST nie daar toegepas word nie.

b) by die ander boekwinkels word die OST toegepas en sou ek nie self die boek kon gaan uitsoek en die prys verneem nie. Indien ek die boek daar sou aanvra, sou ek 'n sekere verpligting voel om die boek te koop.

Die sagtebandboek met 200 bladsye kos my toe R25,92 (4% AVB ingesluit).

Ek het egter later besluit dat R25,92 vir 'n boek van so 'n formaat gans te duur is. Ek sou die volgende dag die prys vir hierdie boek by ander boekwinkels gaan verneem.

Op 18 Februarie vertrek ek toe na 'n "OST boekwinkel" (instansie U). Die verkoopsdame kon nie die boek vind nie, en ek moes haar stap vir stap lei tot die opsporing van Neijt se boek. Die volgende dialoog volg toe:

Ek: Ek wil net weet hoeveel die boek kos.

Sy: Ons mag nie pryse verstrek nie, meneer.

Ek: Kan u my nie sê nie, asseblief?

Sy: Ons kan nie, meneer. Wil u die boek hê of nie?

Ek: Nee wat, los maar.

Daar het ek ook volstaan en was op my pad uit. Die dame roep toe nog agterna: "Wil u nie die boek hê nie?". Ek beaam toe my voorneme om nie die boek te koop nie waarop sy toe die prys verstrek: R17 en enige sente. Ek het my dus vasgekoop.

Hierdie voorval het ten aanskoue van 'n stampvol winkel plaasgevind. Vir my was dit 'n onaangename "Public scene" wat juis die rede is waarom ek nie persoonlik na die redes van die OST verneem het nie: ek wou 'n soortgelyke insident vermy.

**EVALUASIE**


Kom ons evalueer bs. doelstellings van OST.

a) Die verkeerstoestande by U (OST) was wel meer ordelik as by instansie G (nie-OST). Indien hierdie doelstelling wel 'n oorspronklike rede vir die toepassing van die OST was, dan sal ek sê dat OST wel in hierdie opsig in 'n sekere mate in sy doel geslaag het. Die voordeel kan egter nie opweeg teen die nadele van die toepassing van OST nie.

*Hierdie brief/verhandeling(!) word volgende keer afgesluit wanneer die skrywer voortgaan om OST te evalueer en dan dui hy ook op die gevolge.*



Die karnavalvoorsitter, Kobus du Toit Bosman, oorhandig die gesogte Smoeg-trofee aan kapt. Anton Nieuwoudt van die Militêre Akademie. Akademie het vanjaar meegeding saam met Huis ten Bosch.



"NEE, meneer. Ek gaan *nie* my toiings vir jou oplig nie!"

# Vroue word uitgebuit

**LENNIE METCALF, ns. die Damesbelangekomitee, skryf:**

Karnaval word 'n verskoning vir talle misdrywe wat andersins nie op Stellenbosch sou plaasvind of tuishoort nie. Die Damesbelangekomitee wil graag u aandag vestig op 'n enkele insident wat tiperend is van 'n groeiende tendens op hierdie kampus. Ons verwys na die uitbuiting van vrouens.

As reklameset vir Karnaval is 'n "Miss Wet T Shirt"-kompetisie te Coetzenburg-swembad gehou. Die deelnemers, almal eerstejaars wat vrywillig ingestem het, moes in 'n T-hempie oor hul baaibroeke geklee wees. Die idee was dat hulle oor 'n swembadbreedte moes swem waarna hulle hulself voor die skare moes tentoonstel.

Dit klink alles goed en wel soos dit ook vir die eerstejaars moes geklink het toe hulle ingestem het om in die naam van "Koshuisgees" en "'n lekker Karnaval" deel te neem. Die probleem het ontstaan toe die tyd aangebreek het vir die skou. Voor die tyd besef 'n mens nie hoe dit gaan wees om half-naak voor 50 of meer ouens wat na jou kyk, te staan nie.

Die uiteinde van die saak was dat die meisies nie gedoen het wat hul gesê was om te doen nie en die ouens ontevrede en teleurgesteld daar weg is.

Hierdie soort insident is maar net een van baie. 'n Mens hoef slegs te dink aan die oorvloedige swakgeorganiseerde "skoonheidskompetisies" en die koshuisbesoeke waar die "oumanne" die eerstejaars voor hul laat paradeer. Deelnemers en eerstejaars word gewoonlik meer verneder as vereer.

Alhoewel sommiges vrywillig deelneem én dit geniet, bly die feit staan dat die meerderheid van die eerstejaars, na twee weke se oriëntering nie in staat is om te kan voorspel wat op hulle wag as hulle hul bereid verklaar om hul koshuis op hierdie manier te verteenwoordig nie.

**NEE**

Die huiskomiteelede wat die werwing doen vir hierdie fiasko's (dikwels teen hul sin of beterwete) moet 'n slaggie gaan sit en dink voordat hulle die naam en gees van hul koshuis hoër op prys stel as die eer, integriteit en selfrespek van hul eerstejaarstudente. Daar is alternatiewe maniere waarop die doel van Karnaval nagestreef kan word. Dit het tyd geword dat ons as vrouens van die Universiteit van Stellenbosch leer hoe om NEE te sê.

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

VANAF hierdie uitgawe van *Die Matie* sal daar geklassifiseerde advertensies gepubliseer word. 'n Bedrag van slegs 75c vir elke 15 woorde word gehef, behalwe vir advertensies onder GEVIND, wat gratis geplaas sal word.

Die indeks waarvolgens die advertensies geplaas sal word, is: 1. Geboortes, 2. Verlowings, 3. Huwelike, 4. In Memoriam, 5. Sterfgevalle, 6. Persoonlik, 7. KENNISGEWINGS, 8. GEVIND, 9. TE KOOP, 10. TE KOOP GEVRA, 11. LOSIES, 12. LOSIES GEVRA, 13. RYGELEENTHEDE, 14. RYGELEENTHEDE GEVRA

Spertyd vir advertensies is die eerste Vrydag *ná* die verskyning van *Die Matie* – om dan in die daaropvolgende uitgawe te verskyn.

Advertensies moet skriftelik, met die regte bedrag, in 'n koevert in *Die Matie* se posbus (nr. 20, Neelsie) geplaas word. Advertensies sal ook per pos aanvaar word.

* * *

**STERFGEVALLE**

Mnr. Jan Hofmeyr, voormalige SR-lid en primarius van Dagbreek is onlangs tragies oorlede.

**RYGELEENTHEDE**

Saamrygeleentheid na Kaapstad beskikbaar. Vertrek Vrydagmiddae, terug Sondagaande. Deel petrolonkoste. Bel. Axel by telefoon 5777.

**RYGELEENTHEDE GEVRA**

Na en van Grahamstad of omstreke, April-vakansie. Sal help betaal en bestuur. Gerda de Klerk, Harmonie.

# Pasop vir die Idus!

ROMEINSE gladiatore neem die vierkant van die Ou Hoofgebou eerskomende Maandagaand, 15 Maart oor wanneer die Regsfakulteit die bekende "idus van Maart" herdenk.

Die "idus" wat gewoonlik saam met volmaan geval het, was een van drie spesiale dae in die Romeinse kalender. Volgens 'n legende is Julius Caesar vooraf deur 'n waarsegger gewaarsku om op te pas vir die "idus van Maart". Hy word uiteindelik op dié dag in 44 v.C. in Rome vermoor.

Die Ou Hoofgebou gaan Maandagmiddag van 5.30 af 'n Romeinse vesting wees. Tradisioneel-geklede gaste gaan vergas word op uittreksels uit William Shakespeare se Julius Caesar, 'n voorlesing van die gedigte van Catullus en gladiatoregevegte. Tussendeur sal hulle getrakteer word met tradisionele Romeinse heuningwyn, olywe, kaas, growwe brood en vrugte.

Kaartjies vir dié geleentheid is teen R2 stuk op Maandag, 15 Maart by die tikster van die Regsfakulteit beskikbaar. Dit word gereël deur die Juridiese Vereniging.



Die studenteraad het onlangs op 'n gesellige heid in 'n restaurant afskeid geneem van Mev. Vi le Roux, voormalige sekretaresse in die SR-kantoor. Hier oorhandig Sarita Hauptfleisch 'n blyk van waardering aan mev. Le Roux.

## BRIEWEBUS

Briewe wat verlede jaar te laat was vir die laaste uitgawe, kan ongelukkig nie publiseer word nie. Sulke skrywers word vriendelik uitgenooi om weer te skryf. Briewe moet asseblief beperk wees in lengte.

Griet Akademiese Boekhandel

vir al u

Nuwe en Gebruikte Akademiese Boeke, Tikwerk en Bindwerk




COCO-RICO
LIQUEUR

Die Romantiese Drankie van
die Ou Karibiese Eilande.

# *Brand verwoes baie monsters*

'n BRAND het voorverlede week in die Natuurwetenskappegebou uitgebreek.


Volgens 'n verklaring van Kampusbeheer is die brand 21h45 dié nag aan hulle gerapporteer. Die inhoud van die kamer wat deur die brand beskadig is, is nie heeltemal vernietig nie. Dit het plantmonsters wat in die buiteland versamel is, bevat. Sommige van die monsters is gered.

**STAATSDIENS**

Sover as wat vasgestel kon word, is die gedeelte van die gebou waar die brand uitgebreek het, deur die Staatsdiens gebruik.

Die brand het vermoedelik ontstaan as gevolg van 'n kortsluiting in die elektriese droërs. Die kamer het 'n kluisdeur wat verhoed het dat dit versprei. Volgens die verklaring word die skade geraam op R2 000.

Mnr. Barry Hall, die tegniese beampte by Natuurwetenskappe, wou geen verdere inligting verskaf nie.



Oorblyfsels van die uitgebrande plantmonsters. Net 'n paar van die waardevolle monsters kon gered word.

# *Fotokopiëring frustreer baie studente*

GEDURENDE die eerste twee weke vandat die nuwe kopieërmasjiene in die Carnegie gebruik is, het studente honderde vyfsentstukke verloor.

Dit is een van die feite wat aan die lig gekom het nadat studente begin kla het oor die kopieërgeriewe wat tans by die Carnegie bestaan. Sedert verlede September toe van die ou Zerox-masjiene oorgeskakel is, was dit duidelik dat die dae van gerief met die maak van kopieë verby is.

Behalwe dat die gebruiksinstruksies wat teen die mure aangebring is onvoldoende is, kan studente deesdae slegs met vyfsentstukke afdrukke maak. Die algemene gevoel is dat die nuwe kopieë van 'n swakker gehalte is. Die gevolg daarvan is dat, indien 'n oorspronklike ietwat dof is, 'n kopie daarvan onleesbaar word.

Daar is blykbaar twee redes vir die groot verliese aan vyfsentstukke. Die masjiene skakel af indien hulle vir meer as 'n minuut en 'n kwart nie gebruik word nie. Dit kan gebeur terwyl 'n persoon besig is om die geld in te gooi.

'n Ander rede vir die verliese is dat die nuwe masjiene slegs 250 velle papier op 'n keer hanteer en daarna die geld sluk. Die vorige masjiene het 1500 velle hanteer. Veral gedurende eksamentye wanneer dit besig is, of gedurende naweke wanneer daar niemand is om toesig te hou nie, kan dit tot groot ongerief lei.

Sedertdien is veranderings aan sommige van die masjiene aangebring, maar die kleiner 12-30 model skakel steeds outomaties af.

Aangesien die Universiteit kontraktueel verbind is, kan daar op die oomblik niks aan die saak gedoen word nie.

Hopelik sal die saak reggestel word sodra die kontrak in September verstryk.



In afwagting voer die dametjie die vyfsentvreetmasjien — dalk sal sy selfs kan lees wat op die kopie staan.

# CSV ontbind Maandag

STELLENBOSCH se ACSV gaan ontbind. In die plek daarvan word 'n Studente Kerkjeugaksie (KJA), wat by die NG-Kerk Sentraal sal inskakel gestig. Die oorskakeling sal op 15 Maart plaasvind.

In 'n onderhoud met Frederick Marais, ondervoorsitter van die ACSV te Stellenbosch, het dit geblyk dat die herstruktureringsproses op stewige pilare rus.

'n Kommissie is in September 1981 deur die Kerkraad van die NG-gemeente Stellenbosch-Sentraal aangestel om die bestaande toedrag van sake te ondersoek.

Die kommissie het by die kerkraad aanbeveel dat daar oorgeskakel word na 'n gemeentestruktuur, in plaas van 'n vereniging-struktuur (soos dié van die CSV). Na onderhandelings met die ACSV-dagbestuur, is besluit dat die CSV nie langer gebruik sal word om studentelidmate te organiseer nie, maar wel 'n studente-KJA.



FREDERICK MARAIS

Prakties impliseer dit dat studentelidmate nou onder direkte kerkraadbeheer sal staan. Ná oorskakeling sal die CSV-bestuur voortgaan om as die KJA-bestuur te funksioneer. Aksies wat deur die CSV geloods is, sal onveranderd voortgaan onder die KJA.

Die *Studente-KJA* sal ook by die SR aansoek doen om as 'n vereniging te affilieer.

**OORGANG**

Geen wesenlike verandering in optrede van die vereniging word voorsien nie; oorskakeling behoort op bestuursvlak geabsorbeer te word.

Dié veranderinge geld net vir die ACSV te Stellenbosch. CSV-takke is outonoom, en ander takke sal nie direk geraak word deur die oorskakeling nie.

## Dosent na Suidpool

'n DOSENT van die Departement Geologie, mnr. C.D. Potgieter, was in die afgelope vakansie saam met 'n span geoloë in Antarktika. Hy is bygestaan deur 'n geologiestudent, J.J.P. Swanepoel.

Veral die Noordelike deel van Antarktika, waar die Borgahoogland geleë is, is ondersoek. Vanweë die dik yslaag wat die vasteland bedek, kan wetenskaplikes net by die bergspitse uitkom.

Omdat dit dié tyd van die jaar 24 uur lig is, was skofte van vyftien tot seventien uur lank. Die gemiddelde werkstemperatuur is -25° C, maar sodra die wind begin waai is dit onmoontlik om buite te werk. Van die 26 dae wat die wetenskaplikes in die veld was, moes dertien dae in tweemantente deurgebring word, as gevolg van die storms.

Volgens mnr. Potgieter is die blywendste indruk van die Poollandskap die totale tydloosheid daarvan.

## *Karnaval sonder Elsenburg*

VANJAAR se Karnaval het plaasgevind sonder die tradisionele deelname van Elsenburg.

As gevolg van beweerde ontoelaatbare optredes verlede jaar is hulle tydelik geskors van alle Karnavalbedrywighede. Dit is onbekend wie die klag teen Elsenburg ingedien het.

Die vise-rektor, prof. J.W. Roux de Villiers, wou hom ook nie uitlaat oor die spesifieke rede vir die skorsing nie. Onder die studente op Elsenburg heers daar self groot onsekerheid oor die rede vir hul skorsing. Elsenburg moet nou weer heraansoek doen om toelating tot Karnaval te kry.

Uit die oogpunt van die Karnavalkomitee was die skorsing van Elsenburg 'n groot verlies vir Karnaval '82. Volgens die Karnavalvoorsitter, Kobus Bosman, het "die energiemassa van Elsenburg altyd goeie steun aan die Karnavalpoging gegee."

Met die skorsing van Elsenburg is daar nie probeer om hulle tot voorbeeld vir andere te maak nie, het prof. De Villiers gesê. Vanjaar se Karnaval was van so 'n aard dat geen strafmaatreëls teen enige instansie nodig was nie.

# Studiebeurs vir Engeland beskikbaar

DRIE studiebeurse, min of meer geskoei op die lees van die Rhodes-beurs, is beskikbaar aan gegradueerdes.

Hierdie beurse is kragtens die testamente van Joan en John Wahl ingestel, en aansoeke kan nou ingedien word vir studie wat volgende jaar begin.

Die studiebeurse bedra elk 'n minimum bedrag van R1 200 en 'n maksimum van twee-derdes van die Rhodes-studiebeurs, en word toegeken vir studie aan die Universiteite van Oxford, Cambridge of Londen vir 'n tydperk van twee agtereenvolgende jare in die geval van 'n Baccalaureus- of 'n Meestersgraad, en vir 'n tydperk van drie agtereenvolgende jare in die geval van 'n Doktoraat.

Aansoekers moet gegradueerdes wees van 'n erkende Suid-Afrikaanse universiteit

Aansoeke moet die Sekretaris voor 15 November 1982 bereik.

Verdere besonderhede en aansoekvorms kan verkry word van die Sekretaris van die onderskeie studiebeurse, Posbus 1714, Bloemfontein, 9300, en slegs een aansoek kan voltooi word vir al die beurse.

PAS EKSTRA GROOT KLERE AAN BY

de Duke

TRUST BANK SENTRUM

Roes verwoes . . .

Die Kaapse klimaat vreet aan elke motor. Dit breek in nuwe bakwerk gou-gou op en verlaag die inruilwaarde van u voertuig. ROES IS VANDAG DIE GROOTSTE GEVAAR VIR 'N MOTORIS SE GELDSAK . . . DIT IS EGTER BETER OM ROES TE VOORKOM AS OM DIT TE LAAT HERSTEL.

DUS: Bring u motor vir 'n intensiewe roesvoorkomingsbehandeling na

RUSTPROOF STELLENBOSCH

Adam Tasstraat
Tel. 71741

Ons monteer ook sondakke!

10% AFSLAG GEDURENDE MAART

# Butch Lochner het groot planne met Matie-sport

deur HANLI DU PISANI

"DIE behoefte bly steeds voortbestaan om teen wenners mee te ding. As ons nie wenners is nie, moet ons sorg dat ons wenners word en wenners bly." Dit is die wyse woorde van die nuwe Direkteur van Sport, mnr. Butch Lochner – 'n persoon wat reeds 'n blywende merk gemaak het in die ontwikkeling van sport in Suid-Afrika.

Na twee-en-dertig jaar is Butch Lochner weer terug by sy Alma Mater. Vir ses jaar lank het hy vir Stellenbosch se rugbyklub uitgedraf. Vanaf 1951 tot 1953 het hy vir die 0/19 span gespeel en die daaropvolgende drie jaar vir Stellenbosch se senior spanne, onder andere vir die eerstespan. In 1950 het hy 'n M-graad in Landbou verwerf.

Tydens sy verblyf op Stellenbosch was hy 'n inwoner van Helderberg-koshuis en later ook Bergville. Voordat mnr. Lochner in 1982 die pos as Direkteur van Sport aan die Universiteit oorgeneem het, was hy aan die Weermag verbonde waar hy waardevolle ondervinding en lewenservaring opgedoen het.

### KOMMUNIKASIE

As 'n persoon wat lief is vir Stellenbosch en sy jongmense en wat self 'n voorbeeld gestel het van 'n kranige sportman en 'n suksesvolle student, kan ons met respek luister na sy woorde: "Sport vorm een van die skakels in die opvoedingsproses, net soos studies ook 'n rol speel in die bou van 'n mens se karakter. Op die sportveld kommunikeer 'n mens gedurig, veral in spansport. Kommunikasie speel 'n belangrike rol, veral by studente, wat in die opinievormingstyd van hul lewe is. Op die sportveld kom leiers na vore en hulle kry die kans om hul leierseienskappe te ontwikkel. Ons moet egter onthou dat niks in die lewe maklik kom nie. As jy gedissiplineerd lewe en leer om jou tyd goed te gebruik, sal jy tyd kry vir sport sowel as studies. Dit is alreeds bewys dat die rugbyspelers op Stellenbosch gemiddeld beter presteer as die nie-rugbyspelers. Dit bewys egter nie dat dié wat nie rugby speel dom is of nie-hard werk nie, maar wel dat sport jou leer om gedissiplineerd op te tree, wat outomaties uitbrei na jou alledaagse leefwyse en studies.



BUTCH LOCHNER

Ons moet egter nie moed verloor wat universitêre sport op internasionale vlak betref nie. Soos persone in die Parlement baklei vir ons land, moet ons ook nie op ons louere rus nie. Solank ons sport van hoë gehalte bied en leiding neem, sal ander outomaties teen ons wil meeding. 'n Voorbeeld is ons land se krieket en rugby. By sportsoorte soos atletiek en swem is ons nie direk in kontak met die buiteland nie, maar ons tye word vergelyk en dit plaas ons dan in die kalklig. So dwing ons respek af met dit wat ons vermag.

### WELKOM

In my hoedanigheid as Direkteur van Sport aan die Universiteit, sal ek dit my doelstelling maak om geleenthede te skep sodat alle potensiaal tot volle wasdom kan kom".

Aan mnr. Lochner kan ons net sê baie welkom op Matieland en mag u wens vervul word.



HENNING GERICKE

SAU:

# Onderwaterklub wen toernooi 'n derde keer

DIE Stellenbosch-Onderwaterklub was vir die derde agtereenvolgende jaar die algehele wenners van die SAU-kampioenskappe.

Twee-en-twintig Maties het tussen 30 November en 6 Desember in Durban aan die kompetisie deelgeneem. Die Universiteit van Natal was vanjaar die gasheer.

Daar is in verskeie afdelings meegeding, o.a. scuba, onderwaterhokkie en visskiet.

### SCUBA

Die scuba-kompetisie is in die Midmardam, 100km vanaf Durban, gehou. Smook van Niekerk het met sy oorwinning 'n vroeë voorsprong aan die Maties besorg, voordat toestande later in die kompetisie aanleiding gegee het daartoe dat die scuba-span slegs 'n tweede plek kon kry.

### HOKKIE

In die onderwaterhokkie het die Stellenbossers swaargekry, hoofsaaklik omdat die kompetisie in 'n veel dieper swembad (4m) plaasgevind het as waaraan hulle gewoond was (2m). Die mansspan het 'n algehele derde posisie en die dames 'n vyfde posisie verower.

### VISSKIET

Die visskiet-kompetisie wat aanvanklik vir die begin van die toernooi beplan is, moes as gevolg van slegte weer en vuil water uitgestel word.

In die rowwe water het van die deelnemers van hul toerusting verloor, maar die Maties het tog die eerste plek verower.

### PROTEASPAN

Heelwat Maties is na die toenooi opgeneem in die Proteaspan nl. Smook van Niekerk (scuba), Dirk Joubert, Jimmy Herbert, Koos Gerber (visskiet) en vir onderwaterhokkie: Clara Swarts, Antoinette Claassen, Jimmy Herbert, Dagh Calitz, Christo Visser en Simon Bekker.

# Twee nuwelinge kan US-atletiek aanhelp

TWEE atlete wat sedert hulle Menlopark-dae sinoniem met Noord-Transvaalse atletiek geword het, neem vanjaar in Matie-kleure deel. Henning Gericke, 'n B.A.-student in sy eerste jaar, en Werner Stals, 'n B.Comm.-student, sit vanjaar hulle akademiese- en sportloopbane aan die Universiteit van Stellenbosch voort.

Hulle is 'n groot aanwins vir Stellenbosch en vir Matie-atletiek in die besonder. Die klub, wat tot 'n paar seisoene gelede, atletiek op universiteitsvlak oorheers het, beleef tans 'n insinking. Dit het hulle egter glad nie verhoed om hulle by die Matie-geledere te voeg nie, sê die twee atlete. Albei glo trouens dat die insinking tydelik is.

Die verdwyning van bekende atlete soos Aneen de Jager, Heidi de Kock, Danie Malan, Francois Wahl, Clive Dale en Danie Goosen van die atletiektoneel, het 'n leemte gelaat. Die huidige atlete moet tyd gegun word om hierdie gaping te vul.

Verder is hulle van mening dat die klub baie goeie afrigters het. Ook aan spangees en motivering ontbreek dit nie. 'n Natuurlike tydsverloop kan die Universiteit van Stellenbosch weer 'n krag in interuniversitêre atletiek maak. Gericke voeg by dat harder individuele oefening hierdie tydverloop kan verkort.

Sowel Henning Gericke as Werner Stals kon as uiters belowende juniors nog nie die mas op senior vlak opkom nie. Gericke het, nadat hy sy skoolloopbaan in 1978 voltooi het, vir drie maande met 'n sportbeurs in Texas, VSA, gestudeer. In Julie 1981 het hy sy diensplig in die Lugmag voltooi. Daarna het hy hom vir ses maande buitemuurs by die Universiteit van Pretoria ingeskryf en twee eerstejaarsvakke vir sy graadkursus voltooi. Die grootste rede vir sy tydelike stilswye skryf hy toe aan 'n gebrek aan motivering tydens sy Weermagdae. Hy het verlede winter ook nie 'n streng oefenprogram gevolg nie, daarom dat hy tot dusver hierdie seisoen nog nie tot werklike topprestasies in staat was nie.

### JUNIOR BOK

Desnieteenstaande wil hy, reeds 'n Junior Springbok, vanjaar nog sy Springbokkleure verwerf. Hiervoor moet hy met een sekonde op sy 1500 m-tyd van 3:42,1 verbeter.

Aan persoonlike dryfkrag ontbreek dit hom nie. Atletiek is sy erns. Sy motivering put hy juis uit 'n wil om op sy vorige prestasies te verbeter, en uit die feit dat die publiek hom as uitgebrand beskou. Hy glo dat selfvertroue en 'n vertroue in sy afrigter hom weer bo sal laat uitkom.

### WERNER STALS

Werner Stals het ook in 1978 Matriek geskryf. In die daaropvolgende twee jaar het hy, terwyl hy sy diensplig in die Lugmag verrig het, die eerste twee jaar van sy B.Comm.-graad deur Unisa voltooi. In 1981 het hy sy graad aan die Universiteit van Pretoria behaal. Sy gemiddelde prestasies in senior atletiek is die logiese uitvloeisel van die feit dat atletiek nie die hoogste of enigste prioriteit in sy lewe is nie. So sal hy byvoorbeeld sy sport ter wille van akademie opoffer. Hy wil sy atletiek te alle tye geniet – dit is veel eerder 'n belangstelling as 'n loopbaan.

### HOËR IDEALE

Verder neem hy aan ander sportsoorte, o.a. gholf en rugby, deel. Die afgelope winterseisoen het hy rugby gespeel in plaas van om 'n voorbereidende winterprogram vir die huidige atletiekseison te volg. Om fiks te word, sê hy, is nou sy eerste mikpunt. Eers dan kan hy weer aan hoër ideale soos die Groen en Goud dink. Realisme, om te weet waartoe jy in staat is en dit na te streef, is vir hom die belangrikste aspek van 'n suksesvolle loopbaan.




Werner Stals in aksie as leerling van die Hoërskool Menlopark. Hy is een van drie nuwe atlete wat as 'n groot aanwins vir die US-atletiekklub beskou kan word. Hy het reeds hierdie seisoen puik tye opgestel en kan dalk sy Sprinkbokkleure verwerf. Tesame met Bambie Heiberg en Henning Gericke het die Matie-klub nuwe diepte gekry om die verlore prestige te probeer herwin.

SPESIAAL VIR STUDENTE
KOORD-FERWEEL BROEK R14,00
"LEE" JEANS R16,00
STROLLER KHAKI JEANS R12,00
CARDUCCI HEMDE R7.00
SPESIALE AANBOD: PAKKE TEEN R95,00
(AVB INGESLUIT)
PLUS BAIE ANDER WINSKOPE
DE JAGERS
Birdstraat 4, Stellenbosch •Tel. 5168

# Op die Karnavalspoor


















TRIO RAND-WEB